

HOOFSTUK 6

DIE MOONTLIKE GEVOLGE VAN TAALKONTAK

6.1 Inleiding

Wanneer tale met mekaar in kontak kom, is die gevolg een van drie moontlikhede, naamlik taalhandhawing, taalverskuiwing of taaldood. (Southerland en Katamba 1997:561). Soos gesien kan word uit 'n vorige hoofstuk, speel taalkeuse 'n belangrike rol in hierdie verband. Fishman (1972:80) beweer:

Language choices cumulated over many individuals and many choice instances, become transformed into the processes of language maintenance or language shift.

In Suid-Afrika is 'n groot verskeidenheid tale voortdurend in kontak met mekaar. Om te bepaal watter uitwerking hierdie taalkontak moontlik op die tale en taalgemeenskappe in Suid-Afrika kan hê, word daar in hierdie hoofstuk op die volgende aspekte gefokus:

- i) Taalhandhawing;
- ii) Taalverskuiwing;
- iii) Hooffaktore in taalhandhawing en taalverskuiwing;
- iv) Taalbeplanning;
- v) Taaldood.



6.2 Taalhandhawing

Richards *et al.* (1992:202) omskryf taalhandhawing as die mate waartoe 'n individu of groep aanhou om hulle moedertale te gebruik, veral in 'n tweetalige- of veeltalige gebied, of onder immigrante groepe. Volgens Southerland *et al.* (1997:561-562), verwys taalhandhawing na 'n situasie waar lede van 'n gemeenskap poog om die taal wat hulle altyd gebruik, te behou en aan hul kinders oor te dra. Die gemeenskap strewende daarna om dieselfde patrone van taalkeuse te handhaaf. Taalhandhawing reflekteer dus kollektiewe wilskrag om die taal te beskerm en die voortbestaan van die taal te verseker. Hierdie maatreëls reflekteer die groep se selfbewussyn, asook 'n sekere mate van politieke onafhanklikheid wat daardie groep in staat stel om sy eie taalbeleid te bepaal. Dit is veral

die geval waar sprekers van 'n taalgemeenskap hul taal wil handhaaf vir kulturele- en godsdienstige redes, soos byvoorbeeld in die geval van die ortodokse Joodse Hassidim.

Die Hassidim is heeltemal bewus van die belangrike rol van Engels in die samelewing, maar hulle taalkeuse is gegrond op groepeenheid vir godsdienstige redes. Talle Lubovitch gesinne verkies om hulle kinders na 'n skool met Jiddish as voertaal te stuur. Daar is geen Engelse kurrikulum in hierdie skool nie. Sodoende verhoog hulle die moontlikheid van opwaartse mobiliteit binne die etniese groep. Die waarskynlikheid word ook verminder dat hierdie kinders die sekulêre- en tegniese vaardighede wat noodsaaklik is vir indiensneming in die ekonomie van die breë samelewing sal bekom. Alle Lubovitchers is bewus van die potensiële nuttigheidswaarde van sekulêre vaardighede en die Engelse kurrikulum, maar baie min gesinne kies 'n tweetalige skool vir hulle kinders (Rosenak 1991). Ekstreme taalhandhawingsmaatreëls soos hierbo bespreek, is baie ongewoon en word duidelik nie net ter wille van die taal self onderneem nie.

Wanneer taalhandhawingspogings tot gevolg het dat 'n minderheidstaal in administratiewe-, opvoedings-, industriële- en besigheidsdomeine gebruik word, kan sodanige pogings as maksimaal effektief beskou word. In veeltalige lande, is taalhandhawing oor 'n lang tydperk, 'n sterk aanduiding daarvan dat elke betrokke groep sy taal as 'n belangrike kenmerk van etniese- of nasionale identiteit beskou. Switserland is 'n goeie voorbeeld van 'n veeltalige land waar taalhandhawing oor 'n lang tydperk plaasvind. Elk van die vier taalgroepe in die land geniet gelyke status, of 'n sekere graad van selfbeskikking (Hoffmann 1991:186).

'n Ander voorbeeld van 'n groep wat ten spyte van groot druk om te assimileer, daarin slaag om hulle taal en kultuur te behou, is die Porto-Ricaanse immigrante gemeenskap in Oos-Haarlem, New York. Poplack en Sankoff (1984) skryf hierdie handhawing van stabiele tweetaligheid toe aan, onder andere, die voortdurende invloed van nuwe immigrante asook die hoë mate van segregasie van die groep. Hierdie groep immigrante behou voorts, in vergelyking met ander immigrante groepe, ook noue kontak met hul vaderland. Die stabiliteit van die twee tale is merkwaardig, omdat die Spaanse sprekers oorstroom word deur Engels in die media, die skole, die regeringsdienste en alle ander domeine, behalwe hul mees plaaslike domeine (Chambers 1995:166). Leenwoorde is wel algemeen, maar dit wil voorkom asof dit nie die integriteit van hierdie immigrante se

moedertaal of die volgehoue vitaliteit van die taal ondermyn nie. Dit is ook opmerklik dat die jonger geslag nie die draers van vreemde fonologiese- en morfologiese patrone na die ontvangertaal in die konteks van 'n stabiele tweetalige gemeenskap is nie (Poplack en Sankoff 1984:130). Uit hierdie voorbeelde kan daar afgelei word dat tweetaligheid nie noodwendig tot taalverskuiwing lei nie en dat die moedertaal nog steeds gehandhaaf kan word.

Volgehoue handhawing van groepstweetaligheid is egter ongewoon. Die norm vir groepe in langdurige kontak in een nasie, is dat die ondergeskikte groep na die taal van die dominante groep skuif. Hierdie proses kan oor eeue heen duur, soos in die geval van Gallies in Groot Brittanje, of binne drie geslagte, soos in die geval van Europese immigrante in die V.S.A. en Australië (Paulston 1987:16).

Daar bestaan nie 'n duidelike onderskeid tussen die terme "taalhandhawing" en "taalbeweging" nie. Taalhandhawingspogings is moontlik meer beperk in omvang, terwyl taalbewegings soos die Vlaamse-, oor dekades kan strek. Hierdie tipe taalhandhawingspoging vereis volgehoue politieke-, ekonomiese- en kulturele beplanning. Taalgetrouheid moet ook voortdurend aangemoedig word (Steyn 1980:74-75). Taalbewegings kan vrywillig plaasvind, of amptelik van aard wees en sluit organisatoriese beskerming, statutêre beskerming, agitatie en kreatiewe produksie in (Fishman 1966:450).

'n Taalbeweging kan gewoonlik net suksesvol wees as daar nog heelwat mense is wat die taal as huistaal gebruik. Voorts is dit van kardinale belang dat die leiers mense is wat omvattend kan dink en mense is wat doeltreffend in staat is om die bevolking taalbewus te maak. Hierdie leiers moet ook taalgetrouheid kan skep en planne van optrede kan uitdink (Steyn 1980:76). Leiers moet besef dat taalhandhawing nie bereik kan word sonder kwaliteit handhawing nie. Kloss (1966:209) wys op die volgende:

A language which ceases to be a medium of subtle thinking, lofty ideals diversified occupational interests and skills, which is restricted to the primary grades in parochial schools, and which is capable of serving none but primary group functions – such a language may live on for some generations, but will constantly lose in prestige ...

Volgens Kloss (1966) sal hierdie tale minder en minder gebruik word. Kwalitatiewe inkrimping sal lei tot kwantitatiewe inkrimping.

In Suid-Afrika was die Eerste- en Tweede Afrikaanse Taalbewegings baie meer as net 'n taalbeweging, omdat dit gelei het tot die snelle verowering van taalregte vir die Afrikaner. Hierdie bewegings het hulle ook daarvoor beywer om by die Afrikaner 'n gevoel van nasionale selfbewussyn en trots met liefde vir sy taal aan te kweek (Dekker 1958:10-48). Nie alle taalhandhawingspogings is ewe suksesvol nie. Die V.S.A. het verskeie mislukte taalhandhawingsveldtogte gehad om van die kleiner Indianetale te red (Steyn 1980:438). In Suid-Mexico is die Mayantale feitlik heeltemal deur Spaans vervang. Die plaaslike regering van Mazapa, sowel as die Federale regering, het pogings aangewend om Tektiteko te probeer handhaaf. 'n Moedertaalspreker het Tektiteko lesse aangebied. Volgens Garzon (1992:61) was daar in 1985 toe sy die gebied verlaat het, nog geen teken van oplewing van die taal nie.

In Suid-Afrika het Afrikaanse taalhandhawing sedert die jare sestig 'n negatiewe beeld ontwikkel, omdat dit die stigma van "verkramptheid" verkry het. Die Genootskap vir die handhawing van Afrikaans wat op 26 November 1965 gestig is, het tot laat in die sewentigerjare sy verkramppte beeld behou (Steyn 1980:245). Drie dekades later het die taaldebat opnuut weer opgevlam. Nadat Afrikaans sy posisie in 1994 as een van twee amptelike tale verloor het en Afrikaans meer en meer gemarginaliser word, is verskeie groepe gestig om die belange van Afrikaans te beskerm. PRAAG (Pro-Afrikaanse Aksie Groep) fokus op taalregte en aksies om die Afrikaanse taal te beskerm (Beeld 11 Mei 2000). Die Groep van 63 beywer hulle vir taal- en minderheidsregte. Volgens Danie Goosen (Beeld 16 Mei 2000) hou die belangrikste motief van hierdie groep verband met die groeiende gewaarwording in veral die Afrikaanse gemeenskap, dat die huidige demokratiese bedeling nie genoeg erkenning gee aan die taal-, onderwys- en sosiaalekonomiese belange van minderhede in Suid-Afrika nie. Nie almal deel hierdie groepe se sentimente nie. Peet Kruger skryf in *Beeld* (12 Mei 2000):

Minderheidsregte is 'n gesonde teoretiese konsep vir groepe wat deur 'n meerderheid bedreig word. Op die duur kan die teorie 'n mate van balans bring in 'n veeltalige land. Maar dis 'n bietjie dik vir 'n daalder as gister se verdrukkers hulle nou skielik op minderheidsregte beroep.

Dr. Leopold Scholtz adjunk-redakteur van *Die Burger* is van mening dat die begrip minderheidsregte 'n apartheidsreukie het, waarmee baie mense niks te make wil hê nie (Beeld 2 Junie 2000). In 'n artikel wat op 18 Junie 2000 in die *Sunday Times* verskyn het, maak die rubriekskryfster Phylcia Oppelt die volgende opmerking oor die stryd om Afrikaans se regte te beskerm:

The language crusaders ... often forget that there are nine more official languages and many of those are in greater need of public campaigns.

Ten spyte van die kritiek wat oor Afrikaanse taalhandhawingspogings uitgespreek word, bly dit die reg van elke individu en groep om sy taalbelange te beskerm. Dit is egter belangrik dat hierdie pogings nie inbreuk maak op ander groepe se pogings en regte nie. Fishman (1972:22) beweer dat pogings om tale te handhaaf, verdedigbaar en wenslik is om die volgende redes:

- i) Hulle bevorder nasionale belang (in nuttigheidswaarde sowel as in 'n idealistiese sin).
- ii) Hulle bevorder verskillende groepsbelange wat nie in konflik hoef te staan met nasionale belange nie.
- iii) Hulle dra op 'n kragtige wyse by tot die verryking van individuele funksionering.

Fishman (1972:25) wys voorts daarop dat taalhandhawing beide eenheid en diversiteit, asook beide nabyheid sowel as afstand moet nastreef. Elke nasie (nuut of oud) moet domeine omskryf waarin kulturele- en linguistiese eenheid voorrang moet geniet oor kulturele- en linguistiese diversiteit. Kulturele- en linguistiese diversiteit moet openlik erken, openlik bespreek en openlik ondersteun word, indien taalhandhawing ten volle en effektief versterk wil word.

6.3 Taalverskuiwing

Volgens Hoffmann (1991:185) moet taalhandhawing en taalverskuiwing nie as twee teenpole beskou word nie. Wanneer daar op die een gefokus word, mag die ander nog steeds teenwoordig wees. Fishman (1972:76) omskryf die veld van taalverskuiwing en taalhandhawing as:

... the relationship between change (or stability) in language usage patterns, on the one hand, and ongoing psychological, social or cultural processes, on the other hand, in populations that utilize more than one speech variety for intra-group or for inter-group purposes.

Die meeste studies oor taalhandhawing en taalverskuiwing, fokus op situasies waar een taal bo 'n ander bevorder word, of onder bedreiging van die ander taal verkeer. Die bedreigde taal sal dikwels onder die bedreiging swig (Cooper 1982:26).

Soos reeds genoem, is taal 'n werktuig vir menslike kommunikasie. Onder sekere omstandighede mag 'n gemeenskap besluit om die een stel gereedskap vir 'n ander te verruil. Richards *et al.* (1992:204) omskryf taalverskuiwing as "a change (shift) from the use of one language to the use of another language". Die oorgangsfase word gekenmerk deur groepstweetaligheid. Taalverskuiwing vereis 'n vaardigheid in beide tale in ten minste gedeeltes van die spraakgemeenskap. Taalverskuiwing manifesteer hom gewoonlik daarin dat die nuwe taal toenemend in meer en meer domeine deur beide die individu en die gemeenskap gebruik begin word. Taaltrou verander op hierdie stadium van die ou na die nuwe taal. Taalverskuiwing is dus nie primêr 'n vraag van tale en hulle strukture nie, maar eerder een van taalgebruik (Brenzinger 1992:287-288). Dit is belangrik om daarop te let dat taalverskuiwing gewoonlik 'n geleidelike proses is wat oor verskeie geslagte plaasvind (Hoffmann 1991:188).

Taalverskuiwing kan volledig of onvolledig wees. 'n Volledige taalverskuiwing behels die verskuiwing van 'n hele spraakgemeenskap van 'n ou taal na 'n nuwe. Thomason en Kaufman (1988:35) verwys na hierdie tale as "... the abandoned and the target language respectively". Wanneer die prysgegeede taal beperk is tot 'n spesifieke spraakgemeenskap, het die taal teen die einde van die verskuiwingsproses gewoonlik uitgesterf.

In Oos-Afrika het daar 'n volledige taalverskuiwing by die Mukogodo van Yaaku na Mukogodo-Masai plaasgevind. Voor die taalverskuiwing het die Mukogodo hulself die Yaaku genoem. In die vroeë dekades van die twintigste eeu, is Yaaku nog deur ongeveer 1,000 mense gepraat. Aan die begin van die 1930's het die Yaaku gemeenskap besluit om hul taal prys te gee. Vandag noem die Yaaku afstammeling hulself *Mukogodo*, wat ook die naam is wat verwys na hul Maa-taal (Brenzinger 1992:297).

In Mazapa (Suid-Mexico) het die Tektiteko-sprekers in die laat negentiende eeu weens verskeie faktore onder druk verkeer om Spaans aan te leer. Later het Spaans-Tektiteko die reël geword vir die Indiaanse gemeenskap. Vandag is daar geen volwasse eentalige Tektiteko sprekers oor nie. Uit 'n groep van 145, het 21 sprekers al die verskuiwing na eentaligheid in Spaans gemaak. Uit 'n groep van 245 kinders, praat 236 net Spaans. Hierdie taalverskuiwing is nou feitlik volledig (Garzon 1992:56-57).

‘n Taalverskuiwing kan ook onvolledig wees. Daar mag byvoorbeeld gevalle wees waar ‘n bepaalde groep van die spraakgemeenskap die ou taal bykomend tot die verwerwing van die nuwe taal behou. In Wallis praat almal byvoorbeeld Engels. Ongeveer ‘n vyfde van die gemeenskap kan egter ook Wallies praat (Hoffmann 1991:186). ‘n Ander voorbeeld van ‘n onvolledige taalverskuiwing, is dié van Oberwart in Oostenryk. Gal (1978) verwys in haar artikel *Peasant men can't get wives*, na die massiewe verskuiwing wat daar die afgelope dekades van Hongaars na Duits plaasgevind het. Ten spyte van hierdie verskuiwing, word Hongaars nog steeds as godsdienstaal gebruik (Gal 1978:6).

6.4 Hooffaktore in taalhandhawing en taalverskuiwing

‘n Verskeidenheid faktore word in verskeie studies oor taalhandhawing, taalverskuiwing en taaldood as belangrik beskou. Die volgende moet egter volgens Mackey (1980:39) in gedagte gehou word:

... one cannot as a general rule single out any cause for the general retention or loss of an ethnic tongue. Causes are generally multiple and interrelated.

Heinz Kloss het die pogings ondersoek wat aangewend is om Duits in die V.S.A. te handhaaf. In hierdie navorsing het hy vasgestel hoe geweldig dubbelwerkend hierdie faktore is. Kloss (1966:210) maak die volgende opmerking:

They [factors] are apt to work in both ways, in some instances *for* and in other instances *against* language maintenance.

Die faktore wat taalgedrag beïnvloed is belangrik, maar die motiewe en die besluite van die lede van die hele taalgemeenskap en hulle werklike daaglikse taalgebruik, is net so relevant in taalverskuiwingsituasies en die gevolge daarvan. Dit is dus nie werklik moontlik om ‘n katalogus van relevante faktore op te stel waaruit ‘n voorspelling gemaak kan word oor taalhandhawing en taalverskuiwing nie (Brenzinger 1992:287).

Giles, Bourhis en Taylor (1977) het ‘n model gekonstrueer om die talle faktore wat ‘n rol speel te sistematiseer. Hulle stel ‘n kombinasie van drie hooffaktore naamlik status, demografie en institusionele ondersteuning voor, wat in een faktor, naamlik etnolinguistiese vitaliteit, saamgebind kan word. Volgens Giles *et al.* (1977:308) “ ... [the] vitality of an ethnolinguistic group is that which makes a group likely to behave as a distinctive and active collective entity in intergroup situations”. Giles *et al.* (1977) argumenteer voorts dat etnolinguistiese minderhede wat min of geen groeps vitaliteit het nie, uiteindelik sal ophou om as eiesoortige groepe te bestaan. Die teenpool geld ook.

Hoe meer vitaliteit 'n linguistiese groep het, hoe waarskynliker is dit dat die groep sal oorleef en floreer as 'n kollektiewe eenheid in 'n intergroep konteks. In die geval van 'n minderheidstaal, impliseer dit dat hoë vitaliteit sal lei tot taalhandhawing. 'n Lae vitaliteit daarenteen, sal lei tot taalverskuiwing na die meerderheidstaal, of in sommige gevalle na ander moedertale wat meer status het.

Appel en Muysken (1987:37-38) onderskei 'n vierde kategorie, naamlik kulturele (on)gelyksoortigheid. Bogenoemde kategorieë word vervolgens as basis gebruik vir die bespreking van faktore wat 'n rol speel in taalhandhawing en taalverskuiwing.

6.4.1 Status

6.4.1.1 Ekonomiese status

Ekonomiese status is 'n prominente faktor in feitlik alle studies oor taalhandhawing en taalverskuiwing. Webb (1994:189) maak die volgende stelling: "One of the most important determinants of the fate of a language is its economic value". Waar groepe minderheidstaalsprekers 'n relatiewe lae ekonomiese status het, bestaan daar 'n sterk tendens van taalverskuiwing na die meerderheidstaal. Immigrante werkers in Wes-Europa, soos byvoorbeeld die Turke, Serbo-Kroate of die Grieke, word min of meer gedwing om te glo dat hulle lae ekonomiese status hoofsaaklik te wyte is aan die feit dat hulle 'n minderheidstaal praat. Immigrante wat ekonomiese vooruitgang in die nuwe samelewing wil maak, plaas 'n hoë premie op die vermoë om die meerderheidstaal te praat (Appel en Muysken 1987:35). Na aanleiding van navorsing onder immigrante in die V.S.A., merk Wong Fillmore (1991:334) op:

Without much English, the only jobs immigrants or refugees can hope to get in this society are ones at the lowest rungs of job ladders in any field of endeavor.

Volgens Li (1982) neig Chinese Amerikaners van laer sosio-ekonomies status meer daartoe om makliker geassimileer te word as dié met 'n hoër status. Die laer inkomste Chinese Amerikaners, toon die grootste geneigdheid vir taalverskuiwing weg van die Chinese moedertaal.

Ekonomiese veranderinge soos byvoorbeeld industrialisasie, verstedeliking en modernisering is belangrike veranderlikes wat 'n rol speel in taalhandhawing en taalverskuiwing (Appel en Muysken 1987:33). Industrialisasie het nog altyd tot migrasie aanleiding gegee. Dit kan net soos ander groot ekonomiese veranderinge, die linguistiese stabiliteit van 'n gebied, nadelig beïnvloed. Verstedeliking, is op sy beurt 'n verskynsel

wat verband hou met beide migrasie en industrialisasie (Hoffmann 1991:189-190). Die buitengewone groei van die bevolking van Wallis, is 'n weerspieëling van die industriële ontwikkeling veral na 1850. Alhoewel daar uiteraard talle ander bydraende faktore was, was industrialisasie, gepaardgaande met die massa invloei van Engelse immigrante, een van die hoofredes vir die agteruitgang van die Walliese taal. Lewis (1980:128) merk die volgende op:

... so far as the fate of the Welsh language is concerned the effects of immigration have been decisive and irreversible.

Die Laplanders was tradisioneel 'n nomadiese volk, wat 'n bestaan gemaak het uit die teel van takbokke. Na die Chernobylramp in Mei 1986, is die weiveld erg deur radioaktiwiteit besoedel. Hierdie gebied sou vir ten minste nog 'n geslag lank ongeskik wees vir beweiding of bewoning. Die hele lewenswyse van hierdie landelike bevolking het verander. Talle moes ophou boer en hulle in ander dele van die Nordiese lande tussen Fins-, Sweeds-, en Noorssprekendes gaan vestig. Dit is te bevraagteken of die Laplandse taal veel langer as die jaar 2000 sal oorleef as 'n lewende dialek van 'n gemeenskap (Hoffmann 1991:190).

Oberwart in Oostenryk is 'n illustrasie van die naoorlogse proses van verstedeliking en industrialisasie van die Europese platteland, wat bygedra het tot die transformasie van Europa. Oberwart is 'n dorp geleë in die provinsie Burgenland in Oos-Oostenryk. Die provinsie was eers deel van Hongarye, maar het na 1921 as gevolg van die vredesooreenkoms, deel van Oostenryk geword. Oberwart was een van die vyf grootste oorblywende Hongaarsprekende gemeenskappe buite Hongarye. Die dorp se bevolking het binne dertig jaar van 600 tot oor die 5,000 gegroei. Die dorp het die nuwe distriksetel, sowel as die handelsentrum geword, wat baie migrante daarheen gelok het. Die nuwe nedersetters was almal eentalige Duitssprekendes. Duits-Hongaarse tweetaligheid het gou algemeen geword. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die meeste van die landbouers industriële werkers geword. Teen 1972 was slegs ongeveer een derde van die tweetalige bevolking kleinboere. Die meeste jong Hongaarse vroue het die rug gedraai op die Hongaarse kleinboer-status. Hulle het verkies om met die Duitssprekende industriële werkers te trou. Die Hongaarse kleinboere wat nie Hongaarse vroue kon vind nie, het met eentalige Duitssprekende meisies getrou. Die kinders uit huwelike tussen eentalige Duitssprekendes en tweetalige Duits-Hongaarsprekendes, leer selde of ooit Hongaars (Gal 1978:3-14). Die gevolge hiervan is verreikend.

What begins as the language of social and economic mobility ends, within 3 generations or so, as the language of the crib as well, even in democratic and pluralism-permitting contexts (Fishman 1989:206).

Gedurende tydperke van modernisering, kleeft daar dikwels 'n dubbele stigma aan minderheidstale. Hierdie tale word deur arm en tradisioneel ouderwetse mense gepraat, wat nie ten volle kan tred hou met die realiteit van die moderne ekonomiese lewe nie (Appel en Muysken 1987:34).

Modernisering kan potensieel nadelige gevolge vir minderheidstale inhou. Tydens enige industrialisasie, vind daar altyd 'n bevolkingsverskuiwing van die platteland na die stad plaas. Taalgemeenskappe word in die proses verstrooi en die lede van dié taalgroepe kom in kontak met die hoë statustaal of ander taalgemeenskappe (Hoffmann 1991:190). Die mense verstaan dikwels nie mekaar se tale nie en moet dan 'n *lingua franca* gebruik. Dit is soms die onderwystaal. In baie Afrika-lande is die onderwystaal die gewese koloniale taal.

Die nywerheidsomwenteling het wêreldwyd 'n groot rol gespeel in die vestiging van Engels as wêreldtaal. Die posisie van Engels as internasionale verkeerstaal is in die laat negentiende- en twintigste eeu deur Amerika gekonsolideer. As gevolg van modernisering het die ekonomiese mag in die hande van 'n paar magtige maatskappye beland. Hierdie maatskappye brei uit na talle ander lande. Elke nuwe onderneming skep die geleentheid vir Engels om homself in ander lande te vestig. Dit het ongetwyfeld nadelige gevolge vir ander tale en kulture (Steyn 1980:90-93). Die posisie en mag van Engels as wêreldtaal word verder versterk deur kragtige sosiale prosesse en magtige instellings uit veral Amerika.

Volgens Ponelis (Die Burger 16 Oktober 2000), het dit in 'n steekproef van 500 internasionale organisasies geblyk dat Engels in 424 van hierdie organisasies as werктаal gebruik word. Baie internasionale organisasies gebruik net Engels as hul voertaal. Enkele voorbeelde is die Organisasie van Petroleumuitvoerlande (OPUL), asook die oorgrote meerderheid wetenskaplike vakverenigings en sportorganisasies. Die internasionale populêre kultuur in films, musiek, televisie, video, die kuberruimte en sport word in Engels versprei. Weens globalisering word internasionale eenheid sterker as ooit te vore. Die wêreld word verbind deur internasionale lugvervoer met Engels as lugbedryfstaal. In

die kennisomwenteling staan die rekenaar en kuberruimte met Engels as bedryfstaal baie sentraal.

6.4.1.2 Sosiale status

Tale word geassosieer met sosiale status en -aktiwiteite. 'n Verandering in taalkeuse simboliseer 'n verandering in die spreker se eie sosiale status (Gal 1978:4). Liebersen (1982:41) beweer: "Languages do not differ among themselves in their inherent power, but the users of languages do."

Wanneer 'n taalverskuiwing plaasvind, vind die verskuiwing amper altyd plaas na die taal van die dominante magsgroep. 'n Dominante groep het geen aanspooring om die taal van die minderheid aan te leer nie. Die dominante taal word geassosieer met status, prestige en sosiale sukses. Die dominante taal word gebruik in die "glans" kontekste in die breë samelewing, byvoorbeeld vir formele toesprake, deur nuuslesers op televisie en radio, asook deur dié wat deur jongmense bewonder word, soos popsterre, modelle en platejoggies. Dit is dus geen verrassing nie, dat talle jong lede van minderheidsgroepsprekers die voordele van die dominante taal raaksien en hul eie tale prysgee (Holmes 1992:61).

In talle tweetalige gemeenskappe word persoonlike rykdom, professionele status en algemene tegnologiese vooruitgang as eienskappe beskou, wat lede van die minderheidstaalgroep graag vir hulself wil toe-eien (Hoffmann 1991:191). Daar bestaan 'n noue verband tussen sosiale status en ekonomiese status. 'n Groep se sosiale status wat hier verwys na die groep se selfbeeld, sal hoofsaaklik afhang van die groep se ekonomiese status. Taal word as sosiale simbool gebruik om status te verkonkreet of om aansprake op status te laat geld (Myers-Scotton 1982:66). Sprekers van Quechua in Peru, Ekwador en Bolivië, beskou hulself byvoorbeeld oor die algemeen as van 'n lae sosiale status en neig om hulle taal vir Spaans te verruil, wat die konnotasie van 'n hoër sosiale status het (Appel en Muysken 1987:34).

Die sosiale- en ekonomiese doelwitte van individue speel 'n baie belangrike rol in die tempo van taalverskuiwing. Daar vind 'n versnelling in die tempo van taalverskuiwing plaas, wanneer mense gretig is om hulle posisie in die samelewing te verbeter, of wanneer die tweede taal 'n voorvereiste vir sukses in die samelewing is (Holmes 1992:66).

6.4.1.3 Sosio-historiese status

‘n Groep se sosio-historiese status ontstaan uit die etnolinguistiese geskiedenis van die groep. In die geskiedenis van talle groepe is daar tydperke waarin hulle hul etniese identiteit of onafhanklikheid moes verdedig. Hierdie historiese faktore kan gesien word as mobiliserende invloede wat individue inspireer om te stry vir gemeenskaplike belange as lede van ‘n bepaalde etniese groep, soos groepslede dit in die verlede gedoen het. Die Vlaminge kan byvoorbeeld geïnspireer word deur hul stryd teen Franse oorheersing (Appel en Muysken 1987:34). Soos in hoofstuk 2 aangetoon, is Afrikaans in Suid-Afrika deur Engels onderdruk. Hierdie onderdrukking het onder andere, volgens Jaap Steyn (Beeld 14 Maart 2000), gelei tot die ontwikkeling van Afrikaans as bate en kragbron vir die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap.

6.4.1.4 Taalstatus

Nie alle tale is gelyk ten opsigte van mag en prestige nie (Wolfson 1989:265). Die lae status wat aan ‘n taal in die gemeenskap toegeken word, speel ongetwyfeld ‘n belangrike rol in taalverskuiwing. ‘n Gemeenskap sal sy taal verruil vir die taal wat meer status verleen (Hoffmann 1991:190). Daar vind by tale wat ‘n laer sosiale status geniet, gewoonlik ook ‘n inkrimping/verlies aan taalgebruiksdomeine plaas (Pye 1992:75). Denison (1977:21) beweer:

Languages at the lower end of the prestige scale retreat ... until there is nothing left for them appropriately to be used about.

Studies deur Gal 1978 (van Hongaars in Oostenryk), Garzon 1992 (van die Mayan tale naby die Meksikaanse-Guatemalaanse grens), Dorian 1981 (van Gaelies in Skotland), beskryf almal voorbeelde van taalverskuiwing wat verband hou met lae status groepe wat in die proses is om die hoë status tale aan te neem. Navorsing deur Pye (1992) onder die Chilcotin gemeenskap in sentraal Brits Colombië, het aan die lig gebring dat taalstatus kinders se verwerwing van woordeskat kan beïnvloed. Die ondergeskikte status van een taal mag so duidelik wees, dat selfs tweejariges weier om dit te gebruik. Ouer Chilcotin kinders is beslis sensitief oor die sosiale status van Chilcotin. Volgens Pye (1992:80) is die gevoel onder die meeste kinders en hulle ouers dat Chilcotin liefste nie gepraat moet word nie. Die hoë statustaal simboliseer in baie opsigte ‘n nuwe bekombare sosiale status. Gal (1978:4) noem in hierdie verband:

... changes in language choice can be used by speakers to symbolize changes in their own social status or in their attitudes towards the activities the language symbolize.

In Suid-Afrika wil dit voorkom asof Kaapse Afrikaans besig is om uit te sterf. Sowat vyftien tot twintig jaar gelede het Kleurlingouers wat aanvanklik Kaaps as huistaal gebruik het, Engels met hul babas, peuters en laerskoolkinders begin praat. Selfs ouers wat op die platteland gebore is, praat Engels met hul kinders, alhoewel hulle normaalweg met mekaar in Afrikaans gesels. Hierdie sprekers het hul taalgees prysgegee, want hulle het moeg geword om 'n "minderwaardige" taal te praat. Hulle word ook nie gekarikatuur as hulle Engels praat nie (Snyders 2001:45).

Taalverskuiwing neig om stadiger te wees onder gemeenskappe waar daar 'n hoër waarde aan die minderheidstaal geheg word. Waar die taal beskou word as 'n belangrike simbool van etniese identiteit, word die taal oor die algemeen langer gehandhaaf. Die status wat die taal internasionaal het, kan bydra tot die positiewe houdings wat die sprekers van minderheids-groepe teenoor hulle taal het. Dit is byvoorbeeld makliker om Frans in Kanada en die V.S.A. te handhaaf, omdat Frans 'n taal met internasionale status is. Griekse immigrante in die Verenigde State van Amerika is weer baie trots op die bydrae wat die Grieke op die Westerse filosofie en -kultuur het. Hierdie bewustheid help die Grieke om die taalverskuiwing na Engels te weerstaan (Holmes 1992:69).

Daar ontwikkel in Afrika-lande dikwels 'n liefde-haat verhouding teenoor die taal van die koloniale heersers. Aan die een kant het die sprekers die taal nodig om sosio-polities en ekonomies te floreer. Aan die ander kant word hulle gedwing om die taal van hulle "uitbuiters" te praat. By baie mense bestaan die persepsie dat dit uit 'n ekonomiese-, sosiale- en politieke oogpunt in hulle belang is om die taal van die koloniale heersers aan te leer. Die prestige van die koloniale tale in die meeste Afrika-lande word verder verhoog deur die feit dat die inheemse tale tot informele situasies beperk is. Sover dit sosiale status aangaan, het die tale van koloniale dominansie, in teenstelling met die inheemse tale, alles in hulle guns (Adegbija 1994:148). Hierdie situasie is ook op Suid-Afrika van toepassing.

The indigenous languages are downgraded to the language of the home, the street, and the occasional private encounter. The harm that could be done to the folk wisdom in science and technology and the culture by not developing the indigenous languages into instruments of all the so called higher domains of life, might turn out to be an irreparable blow to African culture. We would end up with a diglossic situation in which all higher cognitive and interactional functions are covered by English, and the lower domains (home, hearth, and heart) are covered by the traditional African languages (Dirven 1989:6-7).

Soos in baie ander Afrika-lande, geniet Engels in Suid-Afrika ook uitsonderlik hoë status. Afrikaans is 'n sterk simbool van etniese identiteit onder sommige Blankes. Hierdie taal is egter gestigmatiseer in talle ander gemeenskappe, maar het ten spyte hiervan redelik hoë status weens sy instrumentele waarde. Die ander amptelike tale word wyd gebruik vir private kommunikasie, maar het oor die algemeen 'n baie lae openbare status (Webb 1995:18). Na 1994 het Afrikaans weens die nuwe politieke bedeling 'n verlies aan funksies ondergaan. Soos later aangetoon sal word, speel Engels 'n al hoe meer dominante rol, terwyl daar nie eintlik hoër funksies aan enige van die ander amptelike tale toegeken word nie. 'n Eenvoudige voorbeeld hiervan is die media. Indien daar nie hoër funksies aan die ander amptelike tale toegeken word en in die praktyk toegepas word nie, sal die taalstatus van die minderheidstale verder geknou word. Zubeida Desai (Beeld 26 Oktober 2000), is van mening dat solank die status van die inheemse tale nie in die openbare arena verhoog word nie, sal Engels sy hegemonie oor ander tale versterk. Volgens dr. Karel Prinsloo, lê die redding van inheemse Afrikatale en Afrikaans daarin om dit toenemend gebruikswaarde vir die hedendaagse praktyk te gee (Rapport 12 September 1999).

Die veralgemening dat daar 'n taalverskuiwing sal plaasvind van 'n taal met 'n laer status na een met 'n hoër status, is volgens Fishman (1966:444) te bevraagteken. Die motivering vir hierdie stelling is geleë in die feit dat taalstatus nie 'n etiket of eienskap is wat onder alle omstandighede met 'n bepaalde taal geassosieer word nie. Taalstatus kan opmerklik van een sosiale konteks na 'n ander verskil. Weinreich (1953:79) is van mening dat *status* as 'n tegniese term "... had better be restricted to a language's value in social advance, or dispensed with altogether as too imprecise".

6.4.2 Demografiese faktore

Geografiese verspreiding van die minderheidsgroepslede van 'n taalgroep beïnvloed taalhandhawing en taalverskuiwing gewoonlik aansienlik. So lank as wat die groep gekonsentreerd in 'n bepaalde gebied woon, staan minderheidsgroepe 'n beter kans om hulle tale te handhaaf (Appel en Muysken 1987:36). Li (1982) het in sy studie oor taalverskuiwing onder Chinese Amerikaners bevind dat die neiging om na Engels te skuif, onder derde geslag Chinese Amerikaners wat in die Chinese buurt woon, kleiner is as onder dié wat buite die Chinese buurt woon. Die navorsing toon dat byvoorbeeld minder as dertig persent van die derde generasie inwoners Engels as hul moedertaal aangeneem het. In teenstelling hiermee, het vyftig persent van die groep wat buite die Chinese buurt woon, Engels as hulle moedertaal aangeneem.

Geografiese isolasie weens eksterne grense, dra uiteraard ook by tot taalhandhawing. In die agtiende eeu was Mazapa oorspronklik 'n klein Indiaanse gemeenskap wat in 'n afgeleë gebied gewoon het. Weens die ontoeganklike terrein het hierdie gemeenskap in relatiewe afsondering gewoon. Al die inwoners was eentalige Tektiteko-sprekers. In die laat negentiende eeu het hierdie situasie weens migrasie dramaties verander, wat uiteindelik tot die taaldood van Tektiteko gelei het (Garzon 1992).

Die numeriese getalsterkte van die groep in verhouding tot ander minderhede, kan ongetwyfeld 'n bepalende rol speel. Die aantal sprekers van 'n bepaalde taal as sodanig, is egter nie noodwendig 'n aanduiding van die vermoë van 'n groep om sy taal te handhaaf nie. *Wie* die taal praat, is belangriker as *hoeveel* 'n taal praat. Dit is egter so dat 'n groot minderheidsgroep dikwels in 'n beter posisie is om hulself te kan laat geld en om ondersteuning vir hulle taal te mobiliseer (Romaine 1995:40).

In Europa was migrasie as gevolg van oorlogvoering, vir eeue lank 'n algemene verskynsel. Migrerende groepe assimileer dikwels met die bestaande bevolkingsgroepe (Ehlich 1994:105-106). Indien hierdie groepe na gebiede migreer waar hulle tale geen funksies het nie, neem hierdie groepe die taal van die nuwe gebied aan. 'n Voorbeeld hiervan is die talle Europese immigrante (van beide meerderheids- en minderheidsgroepe) wat na die V.S.A. immigrer (Wong Fillmore 1991:323). Die Franse Hugenoote en veral die Duitsers wat aan die einde van die 17de eeu na Suid-Afrika gekom het, het redelik vinnig met die bestaande bevolking geassimileer (Raidt 1971:85-86). Dit is egter ook moontlik dat 'n groot groep "trekkers" wat hulle taal met hulle saambring, hul taal onder die plaaslike bevolking vestig. Dit het byvoorbeeld gebeur toe Engelssprekendes na die Suide van Wallis verhuis het, tydens die aanvang van die Industriële Rewolusie (Hoffmann 1991:189).

Waar daar 'n gemengde taalgemeenskap bestaan, is die verlies van die minderheidstaal die grootste. Gemengde- of inter-etniese huwelike oefen ongetwyfeld 'n groot invloed uit op die persentasie sprekers wat die minderheidstaal handhaaf. In hierdie huwelike vind die verskuiwing gewoonlik na die meerderheidstaal plaas. Die implikasies kan gesien word op die vlak van die gesinstrukture. Die onvermoë van die minderheidstale om die huis as domein vir die taal te gebruik, speel dikwels 'n deurslaggewende rol in die verskuiwing. Die meerderheidstaal het gewoonlik die beste kans om as huistaal en gevolglik as die eerste taal van die kind te oorleef (Romaine 1995:42). Duitse immigrante in Australië is

'n tipiese voorbeeld hiervan. Ten spyte van die land se multi-kulturele samestelling, is Australië oorwegend 'n eentalige samelewing. Wanneer 'n Duitssprekende man met 'n Engelssprekende Australiese vrou in die huwelik tree, is Engels gewoonlik die dominante taal in die huis, asook die hooftaal wat deur die kinders gebruik word (Holmes 1992:68).

Pulte (1979) het 'n opname onder huisgesinne in verskeie Cherokee gemeenskappe in Oklahoma uitgevoer om data te versamel oor taalhandhawing en taalverskuiwing onder Cherokee gesinne. Pulte (1979) het tot die gevolgtrekking gekom dat Cherokee nog steeds in 'n paar gemeenskappe floreer. Hy het egter ook opgemerk dat in elke familie waar 'n Cherokee-spreker met 'n nie-Cherokee spreker getroud is, die kinders eentalig Engelssprekend is.

In gevalle waar die moeder bewustelik die minderheidstaal aan haar kinders wil oordra, word die proses van taalverskuiwing vertraag. Dit is 'n goed gedokumenteerde feit dat taalverskuiwing gewoonlik by vroue begin, soos gemanifesteer in taalkeuse (Dorian 1981; Schlieben-Lange 1977); in die keuse van 'n huweliksmaat (Gal 1979); en uiteindelik die taal waarin hulle hul kinders wil grootmaak (Eckert 1982).

In sommige minderheidsgroepe bestaan daar 'n sterk gevoel van groepsolidariteit. Hierdie gevoel van solidariteit moedig huwelike binne die groepsverband aan en ontmoedig terselfdertyd huwelike buite die groepsverband (Schaefer en Lamm 1992:290). Griekse- en Chinese gemeenskappe wat buite hulle vaderland woon, dien as voorbeelde van groepsolidariteit. Die meeste Grieke wat in Nieu-Zeeland woon, beskou op een of ander stadium van hulle lewens 'n reis terug na Griekeland as essensieel. Talle jong Griekse meisies onderneem hierdie reis met die uitsluitlike doel om 'n goeie Griekse man te vind. Vir hierdie groepe is taal en kultuur 'n belangrike komponent van identiteit en kultuur (Holmes 1992:70-72).

Stedelike en landelike verskille speel 'n belangrike rol in die patrone van taalverskuiwing. Oor die algemeen neig landelike groepe daartoe om die minderheidstaal heelwat langer as groepe in stedelike gebiede te handhaaf. In landelike gebiede waar die minderheidsgroepe in klein dorpieë en plase woon en waar die bure moontlik lede van dieselfde taalminderheidsgroep is, verkeer die sprekers van die minderheidstale nie onder dieselfde sosiale druk as die minderheidsgroepe in die stede, om die meerderheidstaal in hulle

daaglikse omgang te gebruik nie. Die daaglikse gebruik van die meerderheidstaal verswak uiteraard die posisie van die minderheidstaal (Appel en Muysken 1987:36-37).

Volgens Fishman (1972:97-98) is die stelling dat minderheidsgroepe in stede meer geneig is tot taalverskuiwing as minderheidsgroepe in landelike gebiede, een van die redelikste en bes gedokumenteerde veralgemenings in die studie van taalhandhawing. Klein landelike groepies mag moontlik meer suksesvol wees as stedelike minderheidsgroepe in die vestiging van relatief selfonderhoudende gemeenskappe, waar taalhandhawing openbaar word deur die bewaring van tradisionele interaksiepatrone en sosiale strukture. Dit is egter belangrik om daarop te let dat georganiseerde taalhandhawingspogings oor die algemeen in die stede ontstaan en die grootste impak in die stede het.

6.4.3 Institusionele ondersteuningsfaktore

Die institusionele ondersteuningsfaktore verwys na die mate waarop die taal van die minderheidsgroep in die verskillende institusies van 'n volk, gebied of 'n gemeenskap verteenwoordig word. Taalhandhawing word ondersteun wanneer die minderheidstaal in verskillende instellings van die regering, kerk, kulturele organisasies ensovoorts gebruik word (Appel en Muysken 1987:37).

6.4.3.1 Massamedia

Die massamedia kan 'n groot invloed op taalverskuiwing uitoefen. Navorsing het aan die lig gebring dat die verskuiwing van Nahuatl, ook bekend as "Mexicano" of "Astec" na Spaans in Sentraal Meksiko, veroorsaak is deur die elektrifisering van die gebied in die vroeë 1940's, asook deur die groter beskikbaarheid van radio's. Deesdae het talle huishoudings wat in hierdie gebied in Sentraal Meksiko bestudeer is, televisies en radio's, wat die gebruik van Spaans verder kan bevorder. Uitsendings in minderheidstale kan aan die ander kant ook ongetwyfeld 'n positiewe invloed op die bevordering van hierdie tale hê. In Wallis is 'n Walliese televisiekanaal ingestel om te help met die handhawing van Wallies (Holmes 1992:75).

Nadat Hindi as amptelike taal in Indië erken is, word die massamedia, koerante, tydskrifte, radio en televisie as 'n magtige en effektiewe middel gebruik om Hindi te versprei. Die rol van Hindi-rolprente as een van die magtigste instrumente in die verspreiding van Hindi na nie-Hindi sprekende gebiede, is wel bekend (Misra 1982:152).

Op hierdie stadium wil dit voorkom asof die massamedia in Suid-Afrika nie na behore ingespan word om die groei van al die amptelike tale te verseker nie. Volgens *Print Media SA* se ledelys (651 lede) soos op Mei 2000, word slegs een koerant, naamlik die *Ubuntu/Botho News*, in twee amptelike Afrikatale gedruk. 'n Verdere vyf koerante word in Engels en een van die amptelike Afrikatale (Xhosa/Zoeloe/Sesotho) gedruk. Die res is tweetalig (Engels en Afrikaans), of slegs Engels óf Afrikaans. Volgens inligting verskaf deur die Sentrale Statistiekdiens, is 22,9% van die land se bevolking Zoeloesprekend, teenoor 8,6% Engelssprekendes en 14,4% Afrikaanssprekendes. Ten spyte van hierdie statistiek, word slegs 2 van die 651 dag- en weekblaaie in Zoeloe/Engels, of Engels/Xhosa/Zoeloe gedruk. Volgens die *Print Media SA* se ledelys word geen ander dag- of weekblad in enige ander van die amptelike tale gedruk nie.

Volgens inligting verskaf op 9 Maart 2001 deur die SABC, word 87% van alle geprogrammeerde tyd op televisie aan Engels toegeken. 'n Verdere 4,45% van die programme is veeltalig, wat Engels insluit. Slegs 8,6% van genoemde kyktyd word aan die oorblywende 10 amptelike tale toegeken. Navorsing deur Tshigabe (1998:32) oor die marginalisering van Tshivenda, toon aan dat daar nie een televisieprogram in Tshivenda uitgesaai word nie. Die enkele program *Swa hombe-Zwa Nthesa*, wat wel uitgesaai is, is gestaak. Hierdie betreurenswaardige houding van die SABC teenoor die ander amptelike tale, dra ongetwyfeld by tot die marginalisering van hierdie tale en kan uiteindelik bydra tot taalverskuiwing.

6.4.3.2 Godsdien

Godsdien is een van die belangrikste koördinate van die posisie van individue, sosiale groepe en sosiokulturele verskynsels (Sorokin 1962:229). Godsdienstige faktore speel volgens Ferguson (1982:103-104) selde alleenstaande 'n deurslaggewende rol in moedertaalverskuiwing. Godsdienstige faktore mag egter 'n sterk sekondêre rol speel in ander aspekte van kulturele verandering. Die totale godsdienstige stelsel sluit 'n stel oortuigings en houdings oor taal in. Godsdien kan dus 'n groot rol speel in die handhawing en verspreiding van 'n taal, veral as daar 'n noue verband tussen die twee is. Indien daar van die volgelinge van 'n bepaalde godsdienstgroep verwag word om in 'n sekere heilige taal te bid, sal dit ongetwyfeld 'n ander invloed op taalverspreiding hê. Ferguson (1982:105) maak die volgende opmerking in hierdie verband:

When the spread of religion is tied to the use of a holy book and a traditional writing system, this complex is likely to be a strong factor in the spread of written forms of language.

‘n Goeie voorbeeld hiervan is Hebreeus. Hebreeus was die taal van Abraham en sy nageslag wat as slawe in Egipte gewoon het en later die beloofde land ingetrek het. Nadat die Jode in 70 na Christus deur die Romeine uit Israel verdryf is en hulle oor die wêreld versprei is, het Hebreeus geleidelik as spreektaal begin verdwyn. Hebreeus is egter nog altyd as aktiewe medium van godsdienstige uitdrukking gebruik, waar ook al die Jode hulle gevestig het. Dit was die taal van die gebede, en die Torah (Hebreeuse Bybel). In die negentiende eeu het Hebreeus onder die inspirasie van Eliezer Ben Yehudah as spreektaal begin herleef (Horowitz 1960:5-6). Toe die staat van Israel in 1948 tot stand gekom het, het Hebreeus die amptelike taal geword (Casper Centre Ongedateerd). Horowitz (1960:6) beweer:

This was the first time in all human history that a language which ceased being spoken in ancient times, came back to life on the lips of men and women and little children.

Wanneer daar na die geskiedenis van verskeie immigrante tale in Amerika gekyk word, kan die betekenis van die kerk vir taalhandhawing duidelik gesien word. Vanaf die tyd van die Protestantse Hervorming, was Lutherse kerke “nasionaal” van karakter. Die verband tussen moedertaal en godsdienst het beide die godsdienst en die taal versterk. Dit was daarom dus natuurlik dat talle Skandinawiërs en Duitsers voortgegaan het om Noorweegs, Sweeds, Deens en Duits in hul nuutgestigte Amerikaanse kerke te gebruik (Hofman 1966:139). Haugen (1953:238) skryf:

In the case of the Norwegians, as apparently among most immigrants, the church is the primary institution which provides the immigrants with a justification for the use of the language.

Tyd en die totale omgewing het egter sy tol begin eis. Die immigrante kerke het mettertyd meer en meer begin verengels en die immigrante se moedertaal het geleidelik uit die kerkdienste begin verdwyn (Hofman 1966:140). Kloss (1966:248) skryf na aanleiding van intensiewe navorsing oor Duits-Amerikaanse handhawingspogings in Amerika die volgende:

The trend seems to imply that German will be maintained among the older people, but it seems that English will be the predominant language of the future.

Volgens Fishman (1972:69) kan taalhandhawing in die V.S.A. nie meer op georganiseerde godsdienst steun as ‘n betroubare bron van ondersteuning nie. Dieselfde

tendens is merkbaar in Australië. Volgens Clyne (1982) het die Nederlandse kerke in Australië al feitlik heeltemal verengels. Kerke met Duits as voertaal, is daar in 'n oorgangstadium.

In Suid-Afrika het die Hollandse kerk byvoorbeeld 'n lang pad saam met die Hollandse taal geloop. Die bedreiging het ontstaan dat Engels mettertyd die kerktal van die N.G. kerk in die Kaapkolonie kon word. Toe die taalontwaking rondom 1870 begin het, het die Kerk in die voorhoede vir Hollands geveg. Tydens die 1903 Sinode was die gedagte dat kerk, taal en volk 'n onlosmaaklike eenheid vorm, die spil waarom die taaldebate gewentel het (Zietsman 1992:45).

Uit bogenoemde voorbeelde kan gesien word dat die kerk prakties 'n groot bydrae tot taalbevordering kan lewer, deur aan die taal van die mense wat die kerk bedien, erkenning te gee en dit te gebruik. Hofman (1966:133) skryf in hierdie verband:

Use of the mother tongue in church sermons seems to be the most meaningful index of language maintenance because the sermon is probably most sensitive to the linguistic needs and preferences of the congregation as a whole.

Indien die kerk toelaat dat die moedertaal deur 'n ander taal vervang word, lewer die kerk ongetwyfeld 'n bydrae tot die vernietiging van die taal in daardie betrokke gemeentes, hulle publikasies ensovoorts (Beeld 29 Augustus 2000).

6.4.3.3 Regeringsbeleid

Besluite oor amptelike taal word deur politici geneem. Die meeste hoë funksies van 'n taal word nie deur die sprekers daarvan bepaal nie. Dit is politici wat 'n taal tot amptelike taal verhef, of 'n taal sy status ontnem. Dit ly geen twyfel nie dat taalbesluite die identiteit en deelname van die gemeenskap wat onder beheer van die regeringsbesluite staan, sal beïnvloed (Weinstein 1990:1-4). Die Botswana-regering erken byvoorbeeld nie die etniese identiteit van die San nie. Die groep word nie in die land se nasionale sensus gemeld nie. Die kinders word ook nie toegelaat om in die regeringsnedersettings hul taal te praat nie. Hulle mag net Tswana en Engels praat (Beeld 29 Maart 2001).

'n Taalbeleid is uiters kompleks, omdat dit kulturele mag insluit en beleidmaking deur die regering onvermydelik 'n magsproses is. Dit gaan nie noodwendig om die tale self nie, maar byvoorbeeld om ekonomiese of strategiese redes. Die taal van die sterkste groep kan veld wen, omdat sy sprekers die onderworpe groep daarin kan regeer (Steyn 1980:26). Brian Harlech-Jones (1990:41) beweer:

The act of making policy is ... not neutral, not a function of immutable and disinterested laws. It is an act of power, set within certain relations of social domination and social subordination. It is also a philosophical and moral act which is, in the first place, informed by the values of those who have access to the structures through which decisions (policies) are planned, implemented and put into practice.

Geen beleid kan suksesvol wees as dit nie i) konformeer met die uitgesproke houdings van die betrokke partye nie; ii) dié wat negatiewe houdings omtrent die beleid het, kan oortuig nie; en iii) poog om die oorsake van die verskil te verwyder nie (Lewis 1980:262).

Die lewering van regerings- of administratiewe dienste in die moedertaal van die bevolking speel volgens Appel en Muysken (1987:37) 'n belangrike rol in die stimulering van taalhandhawing. In die hedendaagse samelewing moet die individu op 'n gereelde basis met verteenwoordigers van die plaaslike- of nasionale owerhede kommunikeer. Indien die kommunikasie altyd in die meerderheidstaal is, sal dit die nuttigheidswaarde van die minderheidstale knou.

Soos reeds in voorafgaande hoofstukke bespreek, is Suid-Afrika se verskillende bevolkingsgroepe en hulle tale ook direk geraak deur die onderskeie regerings wat aan bewind was. Tans maak Suid-Afrika se Grondwet voorsiening vir elf amptelike tale. Ongelukkig het die bepaling in die Grondwet ten opsigte van die verskansing van veeltaligheid, tot op hede nie veel vermag om die handhawing van veeltaligheid te bevorder nie. Die huidige post-apartheidsowerheid en talle ander groot private instansies, skep die indruk dat hulle Engels bo die ander amptelike tale verkies (Van Rensburg 1997:57). Omdat talle regeringsleiers Engels goed magtig is en dit die taal is waardeur hulle bemaagtig is en nou ook hulle doelstellings goed dien, neem hierdie leiers aan dat dit vir almal moet geld. Vir die meerderheid is Engels 'n tweede-, derde- of selfs vreemde taal (Die Burger 15 September 2000). Volgens die *Pansat* verslag (September 2000), voel 47% van alle Suid-Afrikaners dat hulle nie in regeringskantore en ander openbare kontakplekke in hulle moedertaal bedien word nie. Die situasie word veral deur die isiNdebele- (75%), die Setswana- (71%) en die isiZulu-sprekers (57%) as ernstig gesien en ervaar. Me. Zubeida Desai (voorsitter van *Pansat*), is van mening dat die regering nie proaktief genoeg optree nie. Inheemse tale sal nie ontwikkel, solank dit nie in regeringskringe gebruik word nie (Beeld 26 Oktober 2000).

In *Beeld* (15 September 2000), word die noodsaaklikheid van wetgewing bespreek om die grondwetlik verskanste beginsel van veeltaligheid te beskerm. 'n Konsepwetsontwerp

om die veeltaligheidsbeginsel statutêr af te dwing, het reeds in Maart 2000 die lig gesien. Indien die konsepwetsontwerp in die wetboek opgeneem word, sal die staatsdepartemente en semi-staatsinstellings statutêr verplig word om die beginsel van veeltaligheid toe te pas. Dr. Neville Alexander, voorsitter van die raadgewende komitee, meen daar word gesloer met die verwerking van veeltaligheid, omdat die regeringslui meestal 'n taalbeleid vir hulle departemente wil hê wat eenvoudig geformuleer is en so goedkoop moontlik toegepas kan word. Volgens dr. Alexander, is dit die verkeerde vertrekpunt in 'n land met elf amptelike tale (Die Burger 15 September 2000).

Daar bestaan reeds talle voorbeelde in Suid-Afrika dat die Regering ten spyte van die beskerming van die ander tale in die Grondwet, eenvoudig voortgaan op sy weg van eentaligheid. *Rapport* van 26 Maart 2000 berig dat 90% van alle klagtes wat by *Pansat* ingedien is, teen een of ander owerheidsinstelling gerig was. Die Departement van Openbare Werke (*Rapport* 26 Maart 2000), Spoorwet (Beeld 25 Februarie 2000), die staalreus Iscor en die mynmaatskappy AngloGold (Beeld 29 Februarie 2000), is enkele voorbeelde van instellings wat deur *Pansat* skuldig bevind is dat hulle die grondwet geskend het, deur teen die ander tale te diskrimineer. Volgens *Pansat* kan die gebruik van net Engels, die nie-Engelssprekende werknemers ook finansiële benadeel, indien hulle Engels nie vlot is nie. Hierdie werknemers se kanse op bevordering en merieteverhogings word so bedreig. Telkom het *Pansat* se bevinding dat hy werknemers se taalregte skend, verwerp en neem dit vir hersiening na die Hooggeregshof (Beeld 29 Augustus 2000). *Pansat* gaan volgens *Beeld* 28 Augustus 2000, die Bloemfonteinse Stadsraad hof toe vat oor sy eentalbeleid. Volgens die burgemeester van Bloemfontein, sal daardie Stadsraad hom nie steur aan *Pansat* se bevindings nie.

Verdere voorbeelde van die miskening van die elftaalbeleid deur die regering, is die volgende: Die Departement van Justisie het besluit dat Engels voortaan die enigste verslagtaal in die howe sal wees (*Rapport* 26 Maart 2000). Die Weermag het aangekondig dat Engels voortaan sy enigste operasionele taal sal wees (Beeld 31 Mei 2000). Die kantoor van die Ouditeur-generaal publiseer sy verslae slegs in Engels (Die Burger 11 Desember 1999). Selfs die Suid-Afrikaanse seëls sal in die toekoms slegs in Engels gedruk word (The Citizen 18 November 1999). Dit duidelik dat die regering ten spyte van fel kritiek deur sy eie taalwagbond *Pansat*, sy voete sleep, of hom glad nie steur aan die ander tale waaraan hy amptelike taalstatus toegeken het nie. Die ironie is egter dat *Pansat*

self sy jaarverslag by die parlement net in Engels ingedien het. Buiten vir die voorwoord in van die ander amptelike tale, is die inhoud van die verslag net in Engels gepubliseer (Beeld 1 Februarie 2001).

Die wyse waarop Suid-Afrika se elftaalbeleid misbruik word om 'n eentalbeleid te bevorder, hou beslis groot nadele vir die ander inheemse tale in. Dit skep ook ongetwyfeld by die land se inwoners die persepsie dat Engels die enigste bemagtigingstaal is en dat hul eie tale geen waarde het nie. Prof. Gerrit Olivier, dekaan van die fakulteit Lettere aan die Universiteit van die Witwatersrand, skryf in 'n sterk bewoorde artikel in *Beeld* (17 Augustus 2000) soos volg: " ... Suid-Afrika se amptelike taalbeleid is in die praktyk nie die papier werd, waarop dit geskryf is nie." As die regering regtig glo in die Afrika-Renaissance, sal daar daadwerklike pogings moet wees om die inheemse tale van Afrika nie alleen te beskerm nie, maar ook te bevorder.

Dit is nodig om ag te slaan op wat elders gebeur het om te dien as waarskuwing. Die Meksikaanse regering het in die 1930's 'n beleid van inlywing ten opsigte van die Indiaanse gemeenskap gevolg. Die doel van hierdie beleid was die inlywing van die plaaslike gemeenskap by die hoofstroom Meksikaanse lewe. Die gebruik van die plaaslike Indiaanse tale is gesien as 'n hindernis om die doel te bereik. Hierdie beleid is aktief deur die skole bevorder, waar die gebruik van Tektiteko byvoorbeeld verbied is. Latere pogings om die taal te laat herleef, het misluk. Hierdie onsensitiewe beleidsbepaling het ongetwyfeld bygedra tot die versnelling van die taalverskuiwing en het waarskynlik bygedra tot die taaldood van hierdie Indiaanse gemeenskap (Garzon 1992:53-61).

6.4.3.4 Onderwys

Volgens Hoffmann (1991:191) is onderwys een van die vernaamste kultuurinstellings wat die groei of oorlewing van 'n taal bepaal. Een van die invloedrykste oorsake van taalverskuiwing kan gesien word in daardie gebiede waar die skooltaal dié van die hoë statusgroep is en geen voorsiening gemaak word vir die kinders van die lae statusgroep om die taal van hul voorvaders te leer lees en skryf nie. Tensy goeie kwaliteit tweetalige onderwys verskaf word, sal die oorlewing van die moedertaal in gedrang kom. Eentalige skole waar slegs die lae statustaal gebruik word, het geen aantrekkingskrag vir 'n gemeenskap wat goed bewus is van die noodsaaklikheid om die taal van die dominante groep te bemeester nie. Veltman (1983:20) skryf die volgende:

... during this period there is a notable increase in the percentage of persons who make the definite break with the language of daily use.

In samelewings soos die V.S.A. met 'n diverse bevolking, moet kinders uit gesinne waar 'n minderheidstaal gepraat word, die taal van die samelewing aanleer om die onderwysvoordele wat deur die samelewing gebied word, ten volle te kan benut. Navorsing toon dat die verlies van 'n moedertaal, veral as dit die enigste taal is wat die ouers kan praat, nie net nadelig is vir die kinders en hulle families nie, maar ook vir die gemeenskap as 'n geheel. Sodra immigrante kinders Engels geleer het, neig hulle om nie hul moedertaal tuis te handhaaf nie, al is dit die enigste taal wat hul ouers kan praat (Wong Fillmore 1991:323-324). Lambert (1967) noem hierdie verskynsel afgetrekte tweetaligheid (subtractive bilingualism). Hierdie verskynsel is vir die eerste keer bespreek in verband met Frans-Kanadese- en Kanadese immigrante kinders wie se verwerwing van Engels op skool nie gelei het tot tweetaligheid nie, maar tot die erosie of verlies van hulle moedertale. Volgens Ellis (1984:208) kom hierdie situasie voor wanneer die leerders 'n negatiewe siening van hulle eie etniese identiteit het, en graag met die teikentaal en -kultuur wil assimileer.

Al sou die kind moontlik nog sy moedertaal by die huis praat, beïnvloed die voertaal van die skool en sy portuurgroep ongetwyfeld die kind se taalvoorkeure (De Klerk en Bosch 1998:44). Navorsing toon dat daar 'n algemene voorkeur is vir die portuurgroep se voertaal bo dié van die ouers. Hierdie voorkeur is duidelik sigbaar in tweede- en derde geslag immigrante wat die taal van die portuurgroep eerder as dié van hul ouers, aanleer. Hulle mag beide tale aanleer, maar as slegs een taal aangeleer word, sal dit feitlik altyd die taal van die portuurgroep wees en nie dié van die ouers nie (Beebe 1985:407).

'n Land se onderwystaalbeleid is vanselfsprekend 'n gevolg van die land se taalbeleid (King en Van den Berg 1992:1). Die invloed wat die verskillende regeringsbeleide op die onderwys in Suid-Afrika gehad het, is reeds volledig in die hoofstuk *Historiese oorsig: Taal en Onderwys in Suid-Afrika* bespreek. Volgens dr. Neville Alexander (Beeld 18 September 1997), moet algemene opvattinge dat moedertaalonderrig gelyk is aan Bantu-onderwys in Suid-Afrika uitgeroei word. Indien Engels die enigste voertaal in die onderwys gemaak word, sal Suid-Afrika, soos die res van Afrika, eindig met 'n klein elite (30%) groepie inwoners wat Engels as 'n instrument van bemagtiging gebruik. Hierdie tendens moet ongetwyfeld lei tot 'n taal- en kultuurverskuiwing in Suid-Afrika.

6.4.4 Kulturele (on) gelyksoortigheid

Volgens Appel en Muysken (1987:37-38), is kulturele (on)gelyksoortigheid 'n belangrike veranderlike in die analise van taalhandhawing/taalverskuiwing. Clyne (1982) kom tot die gevolgtrekking dat wanneer kulture wat betrokke is, soortgelyk is, daar 'n groter neiging tot taalverskuiwing bestaan. Duitse- en Hollandse immigrante wat kultureel meer in gemeen het met die Engelsprekende Australiese gemeenskap, toon 'n groter verskuiwing na Engels as die Italiaanse- en Griekse immigrante wat 'n groter kulturele afstand handhaaf. Kulturele-, eerder as linguistiese gelyksoortigheid, lei tot taalhandhawing.

Kloss (1966), daarenteen, beskou linguistiese- en kulturele gelyksoortigheid as 'n ambivalente faktor wat óf tot taalhandhawing óf tot taalverskuiwing kan lei. Indien daar kulturele- en of linguistiese ooreenkomste tussen die immigrante en die Anglo-Amerikane bestaan, kan dit lei tot simpatieke houdings aan die kant van die linguistiese meerderheid. Die gevolg hiervan is dat die minderheidsgroepslede 'n positiewe selfbeeld handhaaf, wat weer lei tot taalhandhawing. Ongunstige gevolge kan egter ook voortspruit uit kulturele- en of linguistiese ooreenkomste. Ooreenkomste met die Anglo-Amerikane kan lei tot die erosie van die groepsbewussyn en groepsverskille aan die kant van tweede- en daaropvolgende geslagte (Kloss 1966:211).

6.5 Taalbeplanning

Taalbeplanning is volgens Kennedy (1982:1) 'n probleemoplossingsaktiwiteit, gemoeid met doelbewuste taalverandering vir bepaalde doelwitte. Hierdie doelwitte kan sosiaal, polities, opvoedkundig, of 'n kombinasie van al drie wees. Volgens Fishman (1972:36) bestaan taalbeplanning uit:

... government policy decisions concerning which language should be assigned and recognized for which purpose within a country or region as well as the (enforcing, motivating, influencing) steps taken to support the policy ...

Taalbeplanning moet binne 'n sosiale konteks plaasvind en taalbeplanningsprogramme is tot mislukking gedoem, indien sosiolinguistiese faktore soos die houdings en behoeftes van alle groepe nie in ag geneem word nie. Beleidsbepaling is beslis nie taalbeplanning nie. 'n Beleid word dikwels geïmplementeer sonder om voldoende aandag aan die doelwitte te gee. By universiteite in die V.S.A. bestaan die vereiste dat studente 'n vreemde taal moet neem. Die taalvereiste is ingestel, sonder om te spesifiseer watter vaardighede die studente moet verwerf. Voorts is daar ook nie vasgestel of die studente werklik 'n behoefte aan hierdie vaardighede het en of die studente die geleenthede het om

hierdie vaardighede te gebruik nie. Beleidmakers openbaar in baie gevalle ook nie wat hul ware doel met 'n bepaalde beleid is nie, omdat daar verskuilde politieke motiewe is. Jare lank was die verklaarde doel in Ierland byvoorbeeld om Iers die nasionale taal te maak. Die ware doel was egter om Ierse bevryding en nasionalisme aan te vuur (Rubin 1982:4-8).

Young (1987:3) wys daarop dat politieke- en opvoedkundige beplanning, asook die handhawing van tale in enige tweetalige- of veeltalige samelewing 'n essensiële bestanddeel vir sosiale stabiliteit en kohesie is. Engholm (1965:15) merk soos volg op:

Language is the key to the heart of a people. If we lose the key, we lose the people. If we treasure the key and keep it safe, it will unlock the door to untold riches, riches which cannot be guessed at from the other side of the door.

Bogenoemde waarneming toon die belangrikheid van taalbeplanning duidelik aan. Sake rakende taal en taalbeplanning is dikwels hoogs emosioneel van aard. In veeltalige gemeenskappe kan taalverskille lei tot wrywing, of selfs konflik. Kommunikasieprobleme kan selfs 'n negatiewe uitwerking op produktiwiteit hê (Prinsloo 1985:24). Taalbeleide moet dus ten alle tye met die volle samewerking en toestemming van alle belanghebbendes ontwikkel word. Mense moet nooit die gevoel kry dat daar aan hulle voorgeskryf word, of dat 'n taal op hulle afgedwing word nie. Volgens Alexander (1989:52) moet taalbeleide die behoeftes en belangstellings van alle segmente van die samelewing effektief en regverdig weerspieël.

Taalbeplanning is uit die aard van die aktiwiteit, ook hoogs polities van aard. Dit is veral die geval in 'n samelewing soos Suid-Afrika, waar feitlik elke tipe aktiwiteit vinnig 'n politieke kleur verkry. Volgens Prinsloo (1984:148) is dit van die uiterste belang dat daar vir die uitskakeling van konflik en die uitbouing van stabiliteit in 'n veeltalige Suid-Afrika, rekenskap gehou moet word met die kompleksiteit en ook die gepolitiseerdheid van die taalsituasie (Prinsloo 1984:148). Taalbeplanningsaktiwiteite word geëvalueer op die basis van individue of instellings wat die aktiwiteite promulgeer, eerder as op hul eie meriete (Reagan 1985:66-67).

Dit is van die allergrootste belang dat daar in 'n land met 'n multitalige konteks soos Suid-Afrika, erkenning, begrip en respek moet wees vir die veeltalige konteks. Geen taalbeplanningsbeleid kan suksesvol wees, indien die beplanners die inheemse tale degradeer of verkleiner nie. Die sprekers van hierdie tale vorm dikwels die meerderheid,

wanneer hulle vergelyk word met sprekers van die hoof tale. Die degradering of die verkleining van die inheemse tale kan nadelige implikasies hê, omdat daar onder sommige etnologiese groepe 'n sterk verbintenis met 'n bepaalde taal bestaan (Adegbija 1994:158-159). Taalbeplanners moet nooit uit die oog verloor dat taalsentimentele politieke vyandigheid kan laat ontstaan en aanleiding kan gee tot groot konflik en spanning tussen taalgroepe nie.

Die geheim van goeie taalbeplanning is sosiolinguisties van aard. Wanneer taalbeplanning aan die politici oorgelaat word en geleidelik word deur makro-vlak teoretisering, ly die moedertale daaronder. 'n Politieke perspektief neig om die geheelbeeld te beïnvloed, ten koste van taalpatrone soos vertoon deur individue (Eastman 1992:109). Taalbeplanners moet geleidelik word deur die keuse van die volk. Meerkotter (1987:136) stel dit bondig wanneer hy sê dat mense spontaan sal bepaal watter taal gebruik gaan word.

6.6 Taaldood

Taalverskuiwing en taalverlies gaan hand aan hand. Die twee prosesse versterk mekaar en die uiteindelijke gevolg is taaldood. Die gemeenskap verloor 'n sterk simbool van identiteit wat ongetwyfeld die sosiaal-sielkundige omstandighede en die sosiale lewe van die groep aansienlik sal beïnvloed (Appel en Muysken 1987:45).

Na aanleiding van navorsing onder Indiaanse gemeenskappe in Meso-Amerika, wys Garzon (1992:64-66) op vier verskynsels wat 'n deurslaggewende rol kan speel in taaldood. Die eerste stap in die proses van taaldood, is wanneer daar 'n aanmerklike periode van kontak tussen sprekers van die dominante taal en dié van die ondergeskikte taal is. Gedurende hierdie tydperk vind daar aansienlike ontlening deur die ondergeskikte taal by die dominante taal plaas. 'n Taalverskuiwing begin plaasvind van die dominante taal na die ondergeskikte taal. Die tweede stap in die proses van taaldood is die inkrimping van domeine. Die ondergeskikte taal ondervind gewoonlik eers 'n onttrekking van domeine van die openbare lewe, totdat dit later finaal ook by die huis verdwyn. Die taal mag moontlik nog vir persoonlike aktiwiteite soos tel, gebed en droom gebruik word. Die derde stap in die taaldoodproses begin wanneer ouers begin om die dominante taal met hulle kinders te praat en begin om hulle eie taal uit te sluit. Die finale stap in die taaldoodproses vind plaas wanneer die jongmense nie meer die ondergeskikte taal aanleer nie. Dit gebeur redelik laat in die taaldoodproses en kan direk verband hou met die verdwyning van domeine. Die jongmense word nie meer voldoende blootgestel aan die

taal om dit vlot te leer praat nie. Die kind mag die gebruik van die taal verwerp, as hy sien dat dit geen nut meer vir hom het nie. Die jongmens mag ook die etniese identiteit wat die taal verteenwoordig, verwerp.

Wanneer al die sprekers wat 'n taal praat, sterf, sterf die taal saam met hulle. Met die dood van Ned Maddrell van die eiland Man in 1974, het Man (Manx) heeltemal op die eiland uitgesterf. Van die ongeveer 200 inboorlingtale wat met die aankoms van die Europeërs in Australië gepraat is, het tussen vyftig en sewentig verdwyn as 'n direkte gevolg van die slagting van die inboorlinge of van siektes wat deur die Europeërs na Australië gebring is. Daar word voorspel dat feitlik alle inboorlingtale in Australië binne die volgende dekade sal uitsterf (Holmes 1992:61-62).

In lande soos Afrika, Asië en Suid-Amerika het talle van die inheemse tale ook verdwyn, of is in die proses van taaldood, weens die koloniale-, ekonomiese- en politieke beheer. 'n Taalverskuiwing het plaasgevind na die koloniseerder se taal en hulle eie tale het uitgesterf. Volgens dr. Kjell Herberts van die Abo Akademi-Universiteit in Vasa, Finland, word sowat 3,000 tale wêreldwyd bedreig en sal na verwagting binne een geslag (30 – 40 jaar) uitsterf. Dit geld veral plattelandse tale of tale wat net gepraat en nie geskryf word nie en waarin nie onderrig gegee word nie. Met elke taal wat sterf, sterf 'n tradisie en 'n manier van dink (Beeld 20 Oktober 1999).

In sommige gevalle lei taalverskuiwing nie noodwendig tot taaldood nie. By 'n gemeenskap soos byvoorbeeld die Turkse gemeenskap in Engeland, mag daar oor verskeie geslagte heen 'n taalverskuiwing na Engels plaasvind. Dit kan 'n taalverlies vir die betrokke individue, of selfs 'n hele gemeenskap in Engeland beteken. Turks verkeer egter in geen gevaar om as gevolg van hierdie verskuiwing te verdwyn nie. Die Turkse taal sal nog aanhou om in Turkye te floreer (Holmes 1992:62-65).

'n Bloeiende kultuurlewe kan ongetwyfeld 'n positiewe rol speel in die voortbestaan van 'n taal. 'n Taal met 'n waardevolle oorspronklike kultuur en letterkunde, het ongetwyfeld 'n groter kans op oorlewing as 'n kultuurarm taal. 'n Ryk kultuur alleen is egter nie genoeg om 'n taal te laat uitbrei of oorleef nie. Alhoewel Duits 'n sterk kultuurtaal is, het die taal tot Europa beperk gebly. Die rede hiervoor is omdat Duits nie 'n groot koloniale ryk gehad het, wat die taal as onderwystaal kon vestig nie (Steyn 1980:45).

Dr. Rocky Williams, 'n voormalige bevelvoerder van Umkonto weSizwe (M.K) is van mening dat Afrikaans as taal nooit in Suid-Afrika sal uitsterf nie, omdat sy letterkunde so ryk en veelsydig is (Beeld 7 Junie 2000). Prof. Heilna du Plooy van die Potchefstroomse Universiteit het op 'n konferensie oor Afrikaanse letterkunde in die nuwe millennium gesê dat 'n nuwe kreatiewe energie sedert 1990 onder Afrikaanse skrywers ontketen is (Die Burger 16 Augustus 2000).

Die Afrikatale soos byvoorbeeld isiZulu, TshiVenda en SeSwati daarenteen, mag baie sprekers hê, maar weens 'n gebrek aan geleterdheid in hul eie tale, gaan 'n rykdom van tradisies en kultuur, asook potensiële letterkunde verlore. Dr. Mongane Wally Serote (digter, skrywer en filosoof) noem in hierdie verband: "As jy kultuurgoedere nie ontwikkel nie, sal dit doodloop" (Beeld 23 Maart 2001). Volgens Zakes Mda (die skrywersnaam van Zanemvula Kizito Gatyeni Mda), is die probleem met letterkundes in inheemse tale nie soseer dat dit nie geskryf word nie, maar eerder dat dit nie verkoop nie (Die Burger 22 November 2000). Hierdie aspekte mag op die lange duur vernietigende gevolge hê vir hierdie tale, omdat 'n ryk kultuurskat en tradisies ondergrawe word.

6.7 Samevatting

Taalhandhawing en taalverskuiwing moet nie as twee teenpole beskou word nie. Wanneer daar op die een gefokus word, mag die ander nog steeds teenwoordig wees. Daar bestaan duidelik geen geheime formule wat taalhandhawing waarborg of wat taalverskuiwing of taaldood voorspel nie. Verskeie faktore kombineer op verskillende wyses in elke sosiale konteks met mekaar en die resultaat is selde voorspelbaar. In sommige gemeenskappe kan dit lei tot 'n stabiele tweetalige gemeenskap, terwyl dit by ander lei tot taalverskuiwing of moontlik selfs taaldood.

HOOFSTUK 7

TAAL EN KULTUUR

7.1 Inleiding

Die oorsprong van taal is 'n verborge, vae en verlore oudheid. Die geskiedenis wys dat alle groepe mense, ongeag die vlak van hul kulturele ontwikkeling, hul eie tale gehad het, of het (Hertzler 1965:19). Ten spyte van hierdie antiekheid en universaliteit, is die meeste mense onbewus van die belangrikheid van taal in alles wat die mens doen. Dit is volgens Tauli (1974:49) onmoontlik om die rol van taal in die samelewing en kultuur te oordryf. Hierdie belangrikheid van taal groei toenemend van dag tot dag. Die mens word in 'n taalatmosfeer gebore. Van geboorte tot dood word die mens letterlik in 'n see van woorde gebad. Taal is fundamenteel vir alle sosiale prosesse en vir die handhawing van alle sosiale strukture. Hertzler (1965:20) skryf:

Without it [language], association and participation with our fellows could not rise above the level of instinct; there could not be culture or cultural adaption to the fundamental exigencies of social life, or the bonding which establishes a human community or society.

Elke gemeenskap het sy eie spesifieke kenmerke en sy eie taal. Die verhouding tussen 'n taal en die mense wat dit praat, is so heg, dat dit nouliks geskei kan word. In hierdie hoofstuk word die volgende aspekte belig:

- i) Die konsep van kultuur;
- ii) Die verband tussen taal en kultuur;
- iii) Taal, denke en kultuur;
- iv) Die skool as kultuurdraer;
- v) Taal en kulturele identiteit;
- vi) Kulturele denasionalisering;
- vii) Die invloed van populêre kultuur;
- viii) Veeltaligheid en kultuur.

7.2 Die konsep van kultuur

7.2.1 Die omskrywing van kultuur

‘n Samelewing is die grootste verskyningsvorm van ‘n menslike groep. Hierdie groep bestaan uit mense wat ‘n gesamentlike erfenis deel. Sosioloë verwys hierna as *kultuur*. ‘n Gemeenskaplike kultuur dra by tot die omskrywing van die groep waartoe mense behoort (Shaefer en Lamm 1992:67). Prah (1995a:12) skryf: “ It [Culture] is the binding element which holds human communities together”. Wierzbicka (1994:83) beweer: “... every society has a shared set of cultural norms, norms which appear to be quite specific ...”. Kultuur is nie aangebore nie. Dit is ‘n menslike produk wat ons leer van die mense om ons, in ‘n proses van akkulturasie of sosialisering (Koole en Ten Thije 1994:56). Bernstein (1972:162) omskryf die begrip sosialisering as “... the process whereby the biological is transformed into a specific cultural being”. Bernstein (1972) brei daarop uit deur te sê dat die term verwys na die proses waardeur die kind ‘n spesifieke kulturele identiteit verkry en na sy reaksies op sodanige identiteit.

Etimologies word die Afrikaanse woord *kultuur* afgelei van die Latynse woord *cultus*, *cultura* in samehang met die werkwoord *colere*. Die woord *cultus* verwys na kultus, diens, dit wil sê vorm van optrede. Die woord *colere* verwys na bebouing en versorging, dit wil sê arbeid. Die basiese betekenis van die woord *kultuur*, bestaan dus uit twee begrippe - optrede en arbeid. Vanuit alle lewensbeskoulike inligtingshoeke word kultuur slegs aan die mens gekoppel (Van der Wateren 1979:48).

Die woord *kultuur* is al op meerdere wyses omskryf. In 1952 het Kroeber en Kluckhohn 160 definisies ontleed en in 1977 het die Kanadese kommissie van UNESCO nie minder as 263 definisies versamel nie (Malan en Walker 1995:261). Daar word vervolgens na enkele omskrywings verwys.

Die HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal), omskryf die woord *kultuur* as ‘n begrip wat die ganse geestelike besitting van ‘n volk op alle terreine omvat (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit, Booysen 1984:625). Volgens Richards *et al.* (1992:94) kan kultuur omskryf word as “... the total set of beliefs, attitudes, customs, behaviour, social habits etc. of the members of a particular society”. Sosioloë soos Schaefer en Lamm (1992:67), omskryf kultuur as “... the totality of learned, socially

transmitted behaviour. It includes the ideas, values, and customs of groups of people”.

Goldschmidt (1954:6) omskryf kultuur as:

... the pattern of learned behavior shared by the members of a society. It includes not only the way of making things and doing things, but the pattern of relationships among people, the attitudes they foster, the beliefs and ideas they have, and even the feelings with which they respond. Culture is not merely customs – though customs are a part of culture. For culture is the patterned whole of responses, the more or less consistent unity that links the many diverse elements of living into a way of life.

In ‘n poging om ‘n verklaring te vind vir die verskillende betekenis wat aan die woord *kultuur* geheg word, verwys Clifford Geertz (1973) na Clyde Kluckhohn se belangrike antropologiese werk *Mirror for Man*, waarin die volgende betekenis voorgestel word:

- i) the total way of life of a people
- ii) the social legacy the individual acquires from his group
- iii) a way of thinking, feeling and believing
- iv) an abstraction from behaviour
- v) a theory on the part of the anthropologist about the way in which a group of people in fact behave
- vi) a storehouse of pooled learning
- vii) a set of standardized orientations to recurrent problems
- viii) learned behaviour
- ix) a mechanism for the normative regulation of behavior
- x) a set of techniques for adjusting both to the external environment and to other men
- xi) a precipitate of history
- xii) a behavioral map, sieve, or matrix

([hht://www.wse.edu:8001/vcwsu/geertz-text.htm](http://www.wse.edu:8001/vcwsu/geertz-text.htm))

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die omskrywing van die grense van ‘n kultuur problematies is. Volgens Hasan (1984:106) “... there is the well-recognized fact that no culture is a homogeneous, monolithic system ...”. Die sosioloog William F. Ogburn (1922:202) tref ‘n nuttige onderskeid tussen elemente van materiële- en nie-materiële kulture. *Materiële kultuur* verwys na die fisiese- of tegnologiese aspekte in die mens se lewe, wat aspekte soos kos, huise en fabriekes insluit. *Nie-materiële kultuur* verwys na die wyse waarop materiële voorwerpe gebruik word, bv. gebruike en kommunikasiepatrone. Die volgende vier hoofkenmerke van kultuur kan volgens Sargent en Williamson (1966:40-41) onderskei word:

i) Ten spyte van sekere teenstrydighede, het alle kulture 'n *Gestalt* waarin alle samestellende komponente tot 'n sekere mate geïntegreer is.

ii) Kulture is essensieel konserwatief en weerstaan veranderinge. Menslike sekuriteit skyn te floreer wanneer die *status quo* gehandhaaf word. Die probleme wat die Negers in Amerika gehad het om die driehonderdjarige tradisie van slawerny te beëindig, dien as voorbeeld van die voortbestaan van die *status quo* as middel tot die versekering van sekuriteit van die dominante sektore van die Amerikaanse samelewing. Veranderinge vind egter plaas, selfs in die mees statiese kulture. Sargent en Williamson (1966:39) skryf: "Culture is not passed on intact, like an heirloom, from one generation to another without changing". Eksterne veranderinge, interne afgeleide stimuli, sowel as gemeenskapsfaktore beïnvloed hierdie veranderinge. Die veranderinge is stadig genoeg dat die basiese kenmerke oor die algemeen konstant bly vir ten minste een geslag en gewoonlik vir 'n aansienlik langer tydperk.

'n Voorbeeld van kulturele verandering, is die aanpassing van die Islamitiese kleredrag vir skoolmeisies in Teheran. Die kleredrag het dieselfde gebly, maar die tradisionele swart kleur is vervang met vrolike helder kleure. Die nuwe regulasies reflekteer President Mohammed Khatami se sosiale en kulturele liberaliseringsprogram wat in 1997 na sy verkiesing ingestel is (Sunday Times 23 July 2000). In die moderne wêreld speel tegnologie 'n belangrike rol ten opsigte van sekere kulturele veranderinge. Tradisioneel het die Laplanders van Finland van hondesleë gebruik gemaak as basiese vervoermiddel, 'n middel vir jag en die aanjaag van hul takbokke. In die vroeë sestigerjare het die sneemobiel deel begin word van die Laplandse kultuur en het tot 'n groot mate die kultuur hervorm. Hierdie verandering in een element van materiële kultuur – die invoering van nuwe tegnologie –, het verreikende gevolge op beide die materiële- en nie-materiële kulture gehad (Shaefer en Lamm 1992:82-83).

iii) Omdat kultuur konserwatief is, is dit ook bindend. Geen individu kan sy kulturele patroon ontsnap nie. Dit maak nie saak waarheen die individu gaan nie, hy bly vasgevang in die denkpatrone van die kultuur waarin hy sosialiseer. Selfs die mees gesofistikeerde sosiale wetenskaplike mag probleme ondervind om die standpunt van 'n ander individu van 'n ander kultuur te verstaan.

iv) 'n Vierde kenmerk is die veranderlikheid en diversiteit van kulture. Die verskil tussen 'n Fransman en 'n Brit, of selfs die groter kulturele kloof wat byvoorbeeld 'n Zulu van 'n Wes-Europeër skei, dokumenteer hierdie heterogeniteit van kultuur. Ten spyte van tegnologiese vooruitgang, wat verskillende kulture met mekaar in kontak bring, verdwyn hierdie kulturele heterogeniteit nie.

Uit voorafgaande, blyk dit duidelik dat kultuur 'n aktiewe, lewende proses is waardeur die mens leef. Kulture pas aan om aan bepaalde omstandighede te voldoen, byvoorbeeld die klimaat, bevolking en geografie. Hierdie aanpassings is duidelik sigbaar in alle elemente van kulture, insluitende norme, waardes en taal (Shaefer en Lamm 1992:83).

7.2.2 Kulturele universele

Ten spyte van verskille, poog alle samelewings om basiese behoeftes te bevredig deur sekere gedrag bekend as *kulturele universele* te ontwikkel. Kulturele universele, soos tale, is algemene praktyke wat in elke kultuur gevind word. Net soos in tale, bestaan daar algemene beginsels wat universeel is aan alle kulture (Shaefer en Lamm 1992:68-69). Die antropoloog George Murdock (1945:124), het 'n lys van kulturele universele opgestel wat algemeen in elke kultuur voorkom. Voorbeelde hiervan is musiek, speletjies, kos, huwelike, godsdiens en taal. Talle kulturele universele is aanpassings om aan die mens se mees basiese behoeftes te voldoen, soos kos, klere en skuilplek. Elke geslag en elke jaar verander en brei die meeste kulture uit, deur die prosesse van vernuwing en diffusie (Shaefer en Lamm 1992).

7.2.3 Die uniekheid van kultuur

Elke kultuur het 'n unieke karakter. Kulture pas aan om aan 'n spesifieke stel omstandighede soos die klimaat, geografie, bevolking en vlak van vaardigheid te voldoen. Hierdie aanpassing is duidelik sigbaar in verskille in alle elemente van kultuur, insluitend norme, waardes en tale. Alhoewel van die kulturele praktyke, soos gelys deur Murdock (1945) universeel is, verskil die wyse waarop daaraan uiting gegee word, van kultuur tot kultuur. Schaefer en Lamm (1992:83) skryf verder in hierdie verband:

Each culture has a unique character ... despite the presence of cultural universals such as courtship and religion, there is still great diversity among the world's many cultures.

Kulture kan ook geanaliseer word in subkulture, volgens verskillende groeperings of vlakke: geslag, ouderdom, opleiding, beroep, klas en godsdiens (Sargent en Williamson 1966:42). Die uniekheid van elke kultuur word duidelik geïllustreer wanneer mense van verskillende kulture mekaar ontmoet.

7.3 Die verband tussen taal en kultuur

7.3.1 Taal as element van kultuur

Daar bestaan so 'n hegte onderlinge verband tussen taal en ander aspekte van kultuur, dat geen aspek van die kultuur van 'n bepaalde groep ondersoek kan word, sonder verwysing na die taal nie (Hoijer 1964:456). Taal reflekteer belangrike aspekte van kultuur. Die alledaagse leefwyse van 'n groep vind sy neerslag in die taal van die groep. Dit is onmoontlik om die geskiedenis, die huidige probleme of moontlike toekomstige probleme van 'n kulturele groep te verstaan, sonder om die kulturele basis waarin die groep gevestig is, te verstaan (Schaefer en Lamm 1992:73-74). Prah (1995b:33) voer aan: "Language bears all the imprints and expresses the history of its users".

Soos elders ter wêreld, toon byvoorbeeld plekname in Suid-Afrika fassinerende linguistiese-, kulturele-, sosiologiese- en psigologiese patrone. Uit hierdie name kan die geskiedenis van verskillende taal- en kultuurgroepe afgelei word (Raper 1987:1). Al weet 'n mens nie veel van die Eskimo's nie, word die prioriteite van hierdie kultuur duidelik in hul taal gereflekteer. In Engels bestaan daar byvoorbeeld slegs 'n paar woorde vir bevrore water soos "ice, snow, sleet, hail, slush". Die Eskimo's, in wie se lewens ys en sneeu 'n baie groter rol speel, het dosyne woorde om ys en sneeu in verskillende stadiums en kondisies te beskryf (Boas 1938:130). Die inwoners van Lesu ('n eiland in die Stille Oseaan) gebruik byvoorbeeld meer as 'n dosyn woorde vir varke, volgens die kleur, geslag en waar hulle vandaan kom. Dit illustreer die belangrikheid van varke as 'n skaars bron van proteïen in daardie gemeenskap (Goody en Watt 1972:314).

Taal verander ook voortdurend om by die behoeftes van sy gemeenskap aan te pas. Alle tale verkeer in 'n voortdurende stryd om hulself te transformeer om aan te pas by die vinnig veranderende sosiokulturele en politieke realiteite. Geen taal, selfs nie eers die gestandaardiseerde Europese tale, kan hulself isoleer van die invloed van ander tale en kulturele elemente nie (Tengan 1994:131). Ongeveer 'n halfeeu gelede was daar ongeveer 6,000 woorde wat op een of ander manier verwys het na 'n kameel in Arabies. In onlangse dekades het baie van hierdie woorde en frases egter uit die Arabiese taal verdwyn, omdat

die omstandighede waarna die woorde verwys het, asook die verbandhoudende belangstelling, verdwyn het. Met die huidige tegnologiese ontploffing, word talryke nuwe woorde en terme geskep om by die snel veranderende wêreld aan te pas. (Hertzler 1965:104). 'n Voorbeeld hiervan is die rekenaarbedryf. Woorde soos *hard disks*, *internet* en *toolbar*, was voor die tegnologiese rewolusie nie deel van die bestaande woordeskat van die Engelse taal nie.

Elke kultuur vind die beste uitdrukking in sy eie taal, omdat taal, soos aangetoon, die essensie van kultuur reflekteer. Aangesien dit problematies is om 'n kultuur in 'n ander taal uit te druk, kan geen taal werklik suksesvol in 'n ander taal vertaal word nie. Talle woorde en frases kan net verstaan word, wanneer die woorde in hul kulturele verband verduidelik word. Een van die grootste probleme is om ekwivalente vir leksikale items in verskillende tale te kry. Die betekenisveld van 'n woord in een taal, is selde identies aan die betekenis van 'n soortgelyke woord in 'n ander taal. Die woord *ears* in Engels, kan byvoorbeeld in Spaans vertaal word met die woorde *orejas* of *oidos*, afhangende of daar na die binne-, of buiteoor verwys word (Nida 1964:95-97). Net so het die Engelse uitdrukking *Get off the dime*, byvoorbeeld baie min te make met 'n muntstuk. Einar Haugen (1956:70) skryf die volgende in hierdie verband:

The French-born American writer, Julian Green ... tells of his attempt to translate one of his books from French to English; it failed, and he had to sit down and write an entirely new book: "It was as if, writing in English, I had become another person."

Selfs wanneer dieselfde taal in twee verskillende lande gepraat word, verskil die taalgebruik (Shaefer en Lamm 1992:75). Vergelyk byvoorbeeld die verskille in Engels tussen Suid-Afrika en Engeland. In Suid-Afrika word daar nou argumente aangevoer dat *Black South African English* as 'n onderskeibare "nuwe" Engels erken moet word (Wade 1999:1).

7.3.2 Taal as die fondament van kultuur

Ten spyte van opvallende verskille tussen tale, vorm taal die fondament van kultuur.

Landar (1966:130) beweer:

Language as a set of habits concerning sign behaviour is part of culture. Culture is the total set of habits which man learns. Language is the subset of those habits.

Prah (1995b:49) stel dit soos volg:

More than any other aspect of culture, it is in language that the whole cultural heritage of any people is registered and catalogued. If culture carries the identity, collective fund of knowledge and history of a people, language is the aspect of culture which directly mirrors in both verbal and written forms.

Sorokin (1962:318) skryf:

Since language is a means for expression of any consistent set of ideas or norms, it cannot help being an integrated system in its greater part; otherwise it could not successfully serve consistent sets of ideas, values, and norms.

Kultuur word sosiaal gestandaardiseer en die leerposes vind langs gestandaardiseerde weë plaas (Honigmann 1959:12). Kultuur dien as kennisbank waarin kennis gestoor word. Tydens sosiale interaksie word daar op hierdie kennis gesteun en word hierdie kennis gedeel. Hierdie kennis word van geslag tot geslag oorgedra, aangepas of verfyn. Taal is die werktuig waarmee hierdie kennis ontsluit word. Goodenough (1964:39) maak die volgende stelling:

... as a set of forms, language is not only a part of culture; of a set of easily manipulated non-iconic signs, it is a major instrument for learning it.

In teenstelling met ander kultuurelemente, deurdring taal alle aspekte van die samelewing. Sekere kulturele vaardighede soos byvoorbeeld kookkuns of handwerk, kan deur die proses van nabootsing aangeleer word, sonder die gebruik van taal. Dit is aan die ander kant onmoontlik om sekere komplekse regs- of godsdienstige stelsels van die een geslag na die ander oor te dra, deur slegs dop te hou hoe dit uitgevoer word. 'n Mens kan byvoorbeeld 'n hamer soos die regter kap, maar dit stel jou nog nie in staat om die regsargument te verstaan sonder taal nie. Taal word dus sonder uitsondering gebruik vir die oordra van die oorblywende gedeelte van 'n kultuur (Schaefer en Lamm 1992:75).

Tale dra nie betekenis oor in 'n kultureel ontbonde vorm nie. Betekenis vind plaas in 'n wêreldsiening, 'n totale sisteem waarin waardes, simbole, houdings en oortuigings, oordeel en begrip beïnvloed word (Prah 1995b:28). Langacker (1994:30) voer aan:

... without a language, a certain level of cultural knowledge (for individuals) or cultural development (for societies) could never arise.

Taal is 'n middel vir die kategorisering van ervarings. Die mens moet uit sy komplekse wêreld selekteer. Wat hy waarneem, wat hy dink en waaroor hy praat, is gedeeltelik 'n funksie van sy linguistiese patrone (Kluckhohn en Kelly 1945:100-101). Kategorieë van

tyd, ruimte, beweging en verskeie wyses van waarneming, word beperk deur kultuur (Sargent en Williamson 1966:307). Yule (1996:246) stel dit soos volg:

... language will give you a ready-made system of categorizing what you perceive, and as a consequence, you will be led to perceive the world around you only in those categories.

Die Asteke het byvoorbeeld nie 'n figuur soos Kersvader nie en het ook nie 'n woord vir hierdie figuur nie. Net so het die gemiddelde Engelse spreker heel waarskynlik 'n ander siening van sneeu, as byvoorbeeld die Eskimo's (Yule 1996:246-248).

'n Hoë vlak van taalontwikkeling kan slegs bereik word deur kultureel gefundeerde sosiale interaksie. 'n Kind wat in isolasie grootgemaak word en nie blootgestel is aan sosiaal-kulturele kontak nie, ontwikkel nie 'n taal nie (Langacker 1994:30). Hoe groter die omvang en die diepte van die bemeestering van 'n taal is, hoe uitgebreider die sisteem van kulturele betekenis en waardes wat geïnternaliseer word en hoe vaster die ankering van die realiteitsstelsel soos deur die taal verskaf. Taal en kultuur is beide die gevangenis en die bevryder van die menslike gees. Hoe intiemer en hoe uitgebreider die kontak met 'n gegewe taal en kultuur is, hoe meer vryheid het die individu binne die gegewe raamwerk. Hierdie vryheid stel die spreker in staat om op meer subtiliteite in die aanpassing van die kultuur op persoonlike behoeftes te reageer (Christian en Christian 1966:302). Die teenpool is natuurlik ook waar. Hertzler (1965:410) verklaar:

... limited language tools do not permit a wide range of awareness, of viewpoint and interest, of knowledge, thinking and action.

In Suid-Afrika is 'n groot massa sprekers onbewus van die bestaan van die bevryding van taal of kultuur. Hierdie sprekers se vaardigheid in hul moedertale word nooit werklik ontwikkel nie, omdat hulle op 'n jong ouderdom reeds in 'n tweede taal onderrig word. Soos reeds aangetoon, ontwikkel die tweede taal ook nie na behore nie. Hierdie onvermoë hou min persoonlike of sosiale waarde vir die individu in. Hertzler (1965:36) voer aan:

... inadequate command of language, retard cultural development and the acquisition of culture, and impair societal organization and operation.

Wanneer die literêre- en artistieke waardes in 'n taal en kultuur ontwikkel is, sal diene wat die taal gebruik, sielkundig en sosiaal gereed wees om daarop te reageer en hierdie waardes verder te ontwikkel. Dit kan selde gedoen word met 'n taal en kultuur wat op 'n later lewenstadium aangeleer word. Christian en Christian (1966:302) beweer:

... failure to attain sensitivity and creative ability in one's own native language almost inevitably implies corresponding failure in a second language.

Indien moedertaalsprekers van Afrikatale (insluitend Afrikaans) in Suid-Afrika reeds op 'n jeugdige ouderdom geleer word om in hul moedertaal te lees, skryf en dink en hierdie vaardighede op skool ontwikkel word, sal 'n groot aantal meer kreatief wees, en 'n groter bydrae kan lewer tot hul eie, asook tot die universele kultuur. Dit sal hulle ook beter in staat stel om bv. Engels op 'n later stadium te bemeester. Die beperkings in elke taal en kultuur blokkeer enige hoër vaardighede in die ander taal.

7.4 Taal, denke en kultuur

Taal doen meer as om net eenvoudig die realiteit te beskryf. Taal speel ook 'n rol in die vorming van die realiteit van 'n kultuur. Die rol van taal in die interpretasie van die wêreld word voorgestel deur die *Sapir-Whorf Hipotese*, genoem na twee linguïste. Die werke van Benjamin Whorf (1952,1956) beklemtoon die standpunt wat alreeds deur Edward Sapir (1921) geformuleer is, naamlik dat ons denkstrukture, sowel as ons algemene kulturele patrone, gekondisioneer word deur die woordeskat en die sintaksis van die taal wat ons praat. Ons hele wyse van waarneming en denke word gekondisioneer deur linguïstiese simbole:

... the linguistic system (in other words, the grammar) of each language is not merely a reproducing instrument for voicing ideas but rather itself the shaper of ideas, the program and guide for the individual's mental activity, for his analysis of impressions ... We dissect nature along lines laid down by our native language (Whorf 1952:21).

Sosiale wetenskaplikes het die Sapir-Whorf hipotese bevraagteken en het geargumenteer dat taal nie menslike denke en gedragpatrone bepaal nie (Schaefer en Lamm 1992:75). Die hipotese is as gevolg van kritiek effens aangepas om voor te stel dat taal gedrag en interpretasie van sosiale realiteit kan *beïnvloed* (eerder as bepaal). (Sien byvoorbeeld J. Carroll 1953:46; Sampson 1980; Traugott en Pratt 1980:106-110; Keesing 1994).

Klineberg (1954) het bewyse nagegaan wat die interafhanklikheid tussen taal en denke aantoon. Klineberg (1954:49) beweer:

[A]n individual born into a particular culture will think in terms of the medium of expression current in his society, and ... the nature of his thinking will be affected thereby.

Deutsch (1965:79) huldig die volgende mening:

It[Language] inter-penetrates experience ... it expresses highly acculturated styles of thought and ideational modes for solving and not solving problems.

Talle sielkundiges is van mening dat denke plaasvind in linguistiese vorm. Navorsing deur die Switserse sielkundige Piaget oor die verband tussen kinders se denke en taal, ondersteun hierdie siening dat denke innerlike taal is. Piaget (Sargent en Williamson 1966:310) skryf soos volg:

... logical reasoning is an argument which we have with ourselves, - and which reproduces internally the features of a real argument.

Die invloed van taal op denke, verteenwoordig slegs een komponent van die komplekse stel verwantskappe wat taal, denke en kultuur met mekaar verbind. Dit is volgens Langacker (1994:26) belangrik om daarop te let dat alhoewel drie aparte terme onderskei kan word, dit wel drie ooreensnydende begrippe is.

Daar bestaan 'n noue verband tussen die ontwikkeling van taal en die ontwikkeling van konsepte. Die vorming van sowel konkrete- as abstrakte konsepte, vind baat by taal. Durkheim (Prah 1995a:15) beweer:

Without language, essentially a social thing, general or abstract ideas are practically impossible, as are higher mental functions.

Woorde verskaf addisionele, voortdurende wenke vir die onderskeid van verskillende "konkrete objekte". Lepels mag byvoorbeeld in grootte en vorm verskil, maar hulle beskik oor genoeg gemeenskaplike elemente om onder 'n enkele perseptuele groepering te val. Taal vereenvoudig die vorming van konsepte en verminder die verskille tussen individue in die inhoud van hulle konsepte. Taal help ook met die toereikende ontwikkeling van "abstrakte" konsepte wat onafhanklik is van spesifieke konkrete fisiese stimuli, of fisiese verwysing (Medinnus en Johnson 1968:122-123).

Taal as middel tot konsepsualisering, speel 'n beslissende en 'n onmisbare rol in alle menslike kreatiwiteit. Kreatiwiteit kan beskou word as hoëvlak denke. Verbeelding en kreatiwiteit gaan hand aan hand. Denke, soos reeds aangetoon, vind plaas deur middel van woorde. Deur woorde kan die mens idees manipuleer. Woordeskat bestaan nie net uit die woorde wat in spraak gebruik, of op 'n gedrukte bladsy herken kan word nie, maar ook uit woorde wat die mens kan verstaan. Dit is deur hierdie begrip van woordeskat dat die mens kennis verwerf en die wêreld bemeester (Gordon 1975:195). Sargent en Willamson (1966:311) skryf:

Language underlies our development of concepts and thinking and thus our command of the environment.

Taal vergemaklik die leerproses en het ongetwyfeld 'n beslissende invloed op die leerproses en die verwerwing van kennis. 'n Kind se denke ontwikkel vinniger in sy eerste taal. Hierdie siening word deur die *Threshold Project* ondersteun (Macdonald 1991:31).

Elke kind word in 'n kulturele omgewing gebore. Die taal is beide 'n deel van en 'n uitdrukking van daardie omgewing. Die verwerwing van 'n kind se moedertaal is deel van die wyse waarop die kind die kulturele omgewing absorbeer. Die stelling kan gemaak word dat taal 'n belangrike rol speel in die vorming van die kind se vroeë konsepte. Die kind sal dit moeilik vind om enige nuwe konsepte wat vreemd is aan hierdie kulturele omgewing en wat nie maklik in die moedertaal uitgedruk kan word nie, te begryp. Indien die vreemde taal aan 'n kultuur behoort wat min verskil van sy eie (byvoorbeeld 'n Engelse kind wat Frans leer), sal die kind se hoofprobleme in die aanleer van die taal, slegs linguisties wees. Indien die vreemde taal aan 'n kultuur behoort wat baie verskil van die kind se eie kultuur (byvoorbeeld 'n Nigeriese kind wat Engels leer), word die kind se leerprobleme veel groter. Die kind moet die nuwe idees vir homself interpreteer in terme van sy eie denkmedium – sy moedertaal. Die kind moet ook sy eie idees en denke deur middel van die vreemde taal uitdruk. Die kind se moedertaal dien as belangrike skakel tussen die huis en die nuwe skoolomgewing en stel hom in staat om uitdrukking aan sy denke te gee. Wat die kind leer, kan maklik uitgedruk of toegepas word in die huis. Voorts verkeer die ouers ook in 'n beter posisie om die probleme van die skool te verstaan en om tot 'n mate die skool te help in die onderrig/opvoeding van die kind (UNESCO Verslag 1951:690-691).

Daar is ongetwyfeld in Suid-Afrika, waar beide onderwysers en leerders dikwels in 'n vreemde taal moet funksioneer, 'n beperking op leerders se natuurlike denkprosesse en kreatiewe vermoëns. Die redes hiervoor is eerstens geleë in die gebrek aan selfvertroue by onderwysers en tweedens by die leerders se beperkte kennis van die onderrigstaal. Wanneer leerders hulle moedertale in die klaskamers kan gebruik, kan hulle oor hulle belangstellings, behoeftes en gedagtes praat. Hierdie stimulasie tot mentale groei is noodsaaklik ter voorbereiding van leerders se onderrig en lewensvaardighede. Hierdie mentale ontwikkeling rus leerders toe om later die magdom inligting wat hulle teëkom, te hanteer. Wanneer leerders mentaal goed toegerus is in hulle moedertaal, kan hulle die vaardighede en kennis suksesvol oordra na die tweede taal. Sukses in die tweede taal is direk afhanklik van sukses in die moedertaal (Macdonald 1991:30-31).

Alhoewel die huidige onderwysbeleid voorsiening maak vir moedertaalonderrig, is Swartmense nie hierin geïnteresseerd nie. Weens Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis, assosieer Swartmense moedertaalonderrig met minderwaardigheid, diskriminasie en indoktrinasie. Engels word beskou as die taal van eenheid en bevryding. Dit wil voorkom asof daar ook onder Blanke Afrikaanssprekende ouers 'n groeiende persepsie bestaan dat moedertaalonderrig nie tot hul kind se voordeel is nie. Daar bestaan onder Afrikaanssprekende ouers 'n neiging om hulle kinders in skole met Engels as voertaal te plaas. Talle van hierdie ouers is van mening dat Engels hulle kinders die beste vir die toekoms voorberei (Beeld 25 September 1997). Navorsing bewys egter die teendeel.

In Nieu-Suid-Wallis is in twee uitgebreide ondersoeke bevind dat 85% van immigrante wat op skool probleme ondervind het, uit gesinne gekom het waar Engels selde of ooit gepraat is. Duisende leerders in Australië ondervind probleme op skool, omdat hulle nie verstaan wat die onderwysers sê nie (Die Burger 2 Augustus 2000). Navorsing in Suid-Afrika het dieselfde resultate gelewer. Tydens 'n omvangryke navorsingsprojek (The Threshold Project) wat vyf jaar geduur het en 700,000 leerders betrek het, het navorsers bewys dat kinders die beste leer in 'n taal wat hulle ken (Macdonald 1991). Studies wys dat met onderrig wat hoofsaaklik in Engels geskied en voldoende ander bronne, 'n slaagsyfer van hoogstens 40% verwag kan word vir leerders wat in 'n tweede- of derde taal onderrig ontvang. Hierdie syfer styg drasties wanneer leerders in hulle eie taal onderrig word (Beeld 18 Februarie 2000). Prof. Kahn (Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit van Kaapstad), wys daarop dat ongeveer 25% van die Swart leerders in die jare sestig matrikulasievrystelling verwerf het. Hierdie syfer het in 1991 tot 10% gedaal. Sedertdien het hierdie syfer nog verder in Swart skole gedaal (Rapport 27 Februarie 2000). Cluver (1992:134) voer aan dat dit wil voorkom asof daar in lande waar leerders deur middel van 'n vreemde taal onderrig word, 'n hoë persentasie leerders is wat uitsak.

Om leerders slegs vir die eerste vier jaar van hul skoolopleiding in hulle moedertaal te onderrig, soos Kader Asmal deur wetgewing wil afdwing, is nie die oplossing vir die probleem nie. Daar is tydens die *Threshold Project* wat vyf jaar geduur het, navorsing gedoen oor die neerdrukkende kenmerke van laerskoolonderrig. Een van die hoofbevindings van die projek was dat die graad 4 leerders nie gereed is om tot tien vakke in Engels te leer, wanneer hul graad vyf betree nie. Die leerders se luister-, praat-, lees- en

skryfvaardighede was swak ontwikkel in beide die eerste- en tweede tale (Macdonald 1991:4). Alle verdere vordering wat die leerders op skool maak, hang van hierdie vaardighede af. Hierdie navorsing word ondersteun deur navorsing in ander lande. Internasionale navorsing het bewys dat 'n kind minstens ses tot agt jaar opleiding in sy moedertaal- of huistaal moet ontvang om taalvaardighede te vestig, alvorens 'n ander taal suksesvol as onderrigmedium gebruik kan word (Beeld 23 Mei 2001).

In 1999 is daar in 'n studie bevind dat 60% van graad 3 leerders nie kan lees of tel nie (Beeld 8 Oktober 1999). Hierdie swak prestasie is heeltemal te verstane. Daar kan nie van leerders verwag word om in Engels te leer, as hulle nie eens hul moedertaal kan lees nie. Hierdie leerders beskik nie oor vaardighede wat hulle kan oordra van 'n bekende taal waarin hulle kan funksioneer, na 'n onbekende taal nie. Volgens navorsingsinligting verskaf deur die *Joint International Unesco-Unicef Monitoring Learning Achievement Project*, het 'n groot aantal graad 4 leerders in Suid-Afrika minder as 25% vir 'n rekenkunde taak behaal (Sunday Times 16 July 2000). Lande met moedertaalonderrig (soos Tunisië en Marokko) het deur die bank beter in dié studie gevaar. Volgens 'n omvattende onderwysverslag wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing uitgereik is, het Suid-Afrikaanse hoërskoolleerlinge die swakste wiskunde- en wetenskapsvaardighede van 38 lande. Dr. Orkin, president van die RGN, meen dat die omstandighede om wetenskap en wiskunde op skoolvlak te bemeester, nie gunstig in Suid-Afrika is nie (Die Burger 9 Desember 2000).

Om die nuanses van enige taal te verstaan, is 'n enorme probleem. Dit is dus te verstane dat swak taalbegrip na die ander vakke sal suurdeeg. Probleemoplossing in 'n vak soos wiskunde word dikwels geassosieer met woordeskat, lees- en taalvermoë. Navorsing deur Maree (1995:321) het aan die lig gebring dat leerders wat in 'n tweede taal in wiskunde onderrig word, dit ongetwyfeld moeiliker vind as leerders wat in hul moedertale onderrig word. In 'n artikel wat in *The Citizen* op 13 Maart 2001 verskyn het, het Kathleen Heugh, woordvoerder van *Pansat*, die mening uitgespreek dat indien Suid-Afrika uitstaande wetenskaplikes en wiskundiges wil produseer, die moedertaal die medium van onderrig moet wees. Volgens Heugh word geen top wetenskaplikes of wiskundiges in enige land ter wêreld, waar moedertaalonderrig nie plaasvind nie, geproduseer.

Die gebruik van 'n taal as medium van onderrig, bring nie noodwendig 'n verbetering in die standaard van die taal teweeg nie (Kroes 1978:180). Volgens die ELSA-toets (*English*

Literacy Skills Assessment) van skoliere wat hul skoolloopbaan voltooi het, het Engelsvaardigheid van 51% in 1990 tot 25% in 1995 gedaal. Dit is vanselfsprekend dat 'n taal op hierdie vlak skaars bruikbaar is (Van Rensburg 1997:59). Die problematiek in Suid-Afrika is die feit dat die meeste van die onderwysers in Swart skole nie-moedertaalsprekers van Engels is. Voorts kom talle leerders uit 'n agtergrond waar die ouers min of geen Engels praat nie. Hierdie leerders word dus nie blootgestel aan moedertaalspreker norme nie, wat ongetwyfeld die sukses van onderrig kan beïnvloed (Young 1978:188).

7.5 Die skool as taal- en kultuurdraer

Die skool speel 'n belangrike rol in die sosialiseringproses van die kind. Tydens hierdie sosialiseringproses verkry die kind 'n spesifieke kulturele identiteit, asook 'n bepaalde houding teenoor sodanige identiteit (Dittmar 1976:15). Van der Stoep en Van der Stoep (1968:74) wys daarop dat die skool in wese die produk is van die kulturele ontwikkeling soos hy hom in die geskiedenis geopenbaar het. Die skool is vir die kind dus die weg tot volwaardige deelgenootskap aan 'n kulturele erfenis. Botha (Ongedateerd:63) skryf:

Deur die verowering van kultuurinhoud is die kind ook besig om 'n identiteit te verwerf. Hy word in die geleentheid gestel om 'n persoon met 'n eie, unieke identiteit te word, maar terselfdertyd leer hy hoe om sy plek in die kultuurgroep vol te staan deur middel van verwerwing van kultuuridentiteit.

Die kultuur van die teikengroep het 'n duidelike invloed op die onderwysstelsel. Net so is die onderwysstelsel onlosmaakbaar verbonde aan die kultuur van die groep vir wie dit bedoel is (Steyn 1996:103-105). Kultuuroordrag vind in die skool plaas, omdat die onderwysers daarop ingestel is om kultuurinhoude vir die kinders te ontsluit. Die skool sit die kultuurverwerwing voort wat reeds in die gesin begin is (Botha ongedateerd:62).

In geïndustrialiseerde samelewings dwarsoor die wêreld, is daar kinders wat gereed is vir die tipe onderrig wat hulle gaan ontvang. Hierdie kinders kom uit huise waar die ouers formele onderrig ontvang het, en hul voorskoolse omgewing berei hulle vir die skoolsituasie voor. Die huistaal is gewoonlik die skooltaal. Hierdie kinders pas maklik aan by die skool. Vir ander kinders is skool dikwels 'n onverwagte skok. Hulle kom uit 'n agtergrond waar die ouers dikwels nie formele onderrig ontvang het nie. Die huistaal is ook dikwels nie die skooltaal nie (Macdonald 1991:25-26).

In Suid-Afrika bestaan daar vir baie kinders 'n groot gaping tussen die tradisionele nie-formele onderwysstelsels en die Westerse tipe onderwysstelsel. Hierdie kinders se

ontwikkeling word negatief beïnvloed, omdat take wat met die kind se kulturele wêreld verband hou, nie verder deur die skool ontwikkel word nie. Gordon (1975:142) beweer:

The problem faced by culturally different children, whether a function of ethnicity or social class, or a combination of the two, is that whereas they may possess basic competence and may have performance skills for being effective within their culture group, they must survive in the larger complex industrial society. It is here that the difference may function as deficit.

Waar leerders nie in hul moedertaal onderrig word nie, of waar die kultuur van die leerder van die skoolkultuur verskil, moet dit ongetwyfeld die leerder se kultuurverwerwing en sosialisering strem. Edwards (1990:475) beweer dat die onderrig van leerders in 'n ander taal as hul moedertaal, 'n groot invloed op die huislike lewe, skoollewe en latere lewe van die leerders het. Navorsing deur Holmes, Roberts, Verivaki en Aipolo (1993) oor taalverskuiwing en -handhawing in Nieu-Zeelandse taalgemeenskappe, ondersteun hierdie stelling. Holmes *et al.* (1993:16) berig dat wanneer die kinders begin skoolgaan, Engels die huis binnedring en dit al hoe moeiliker word om 'n gesprek te voer in die etniese taal wanneer die kinders voortdurend in Engels antwoord. De Klerk en Bosch (1998:50) wys daarop dat spesiale pogings aangewend moet word om te verseker dat die kind nie sy kulturele identiteit verloor nie. Navorsing deur Wong Fillmore (1991:344-345) wys op die tragiese gevolge wat taal- en die daarmee gepaardgaande kulturele verskuiwing op die huislike lewens van immigrante gesinne in die V.S.A. het.

Hierdie situasie speel hom ook in Suid-Afrika af. Volgens 'n Johannesburgse sielkundige Octavia Mkhabela Mncube (Sunday Times 6 August 2000), openbaar die "quest for zero defect in English" onbedoelde gevolge. Meer en meer Swart ouers begin praat oor die nuwe "kulturele skok". Identiteitsvorming is 'n baie groter uitdaging vir adolessente in ras-geïntegreerde skole. Talle van die skole wat andertaliges tot hul skole toelaat, doen min om hul kultuur te verander om sodoende die behoeftes van nuwe leerders te akkommodeer, of om hulle te help om die botsing van kulture te hanteer. Die verborge boodskap vir hierdie leerders is dat hulle welkom is om na die skool te kom, solank hulle voel, dink en optree soos die groep waarby hulle wil aansluit. Hierdie jongmense sal van hul kulture vervreem word en in 'n niemandsland beland, ongeag daarvan hoeveel hulle assimileer.

Caiphus Semanya (Sunday Times 6 August 2000), 'n leidende figuur in die *Cultural Reclamation Forum*, beweer dat hierdie sogenaamde kultuurskok kinders tot 'n skisofreniese lewenswyse kan veroordeel. Swart kinders draai meer en meer die rug op

Afrikatradisies. Dit is dikwels ten koste van die moedertaal. Die verwerping van die volkseie gaan dikwels hand aan hand met die potensiële fragmentering van gesinne. Deur na navorsing in lande soos Amerika te kyk, is dit moontlik om die voorspelling te maak dat hierdie tendens ongetwyfeld tot 'n taal- en kultuurverskuiwing in Suid-Afrika moet lei. Kader Asmal, minister van Onderwys, het op 'n maandvergadering van die Raad van Onderwysministers (ROM) gesê dat daar toegesien moet word dat die kinders se kultuur aan hulle in die klaskamer oorgedra word (Beeld 20 Maart 2001). In Suid-Afrika sal dit 'n baie moeilike taak wees, omdat leerders in die meeste skole uit verskillende taal- en kultuurgroepe kom.

7.6 Taal en kulturele identiteit

Taal is die sleutelinstrument van kommunikasie, maar ook die belangrikste wyse van die totstandbrenging en handhawing van sosiale verhoudings. Prah (1995a:12) skryf: “It [Culture] is the binding element which holds human communities together”. Daar bestaan 'n noue verwantskap tussen taal, die sosiale strukture en die waardesisteem van 'n samelewing (Trudgill 1986:19). Volgens Sorokin (1962:201-203), is taal die belangrikste wyse van kommunikasie en betekenisvolle interaksie. Dit is daarom die mees onmisbare voorwaarde vir die voortbestaan van enige sosiokulturele groep. As sodanig word dit een van die betekenisvolste waardes van 'n individu en een van die sterkste bande van eenheid of verdeeldheid. Taal is een van die onontbeerlike koördinate wat 'n individu of 'n groep se posisie in die sosiokulturele samelewing omskryf.

Identiteit met 'n bepaalde taal, beteken 'n ooreenstemming met talle ander basiese waardes en norme. Groepe wat dieselfde taal deel, het byvoorbeeld essensieel dieselfde kultuur, leefwyse, maniere en denkwyses. Dit is dus te verstane dat daar onder groepe met dieselfde moedertaal 'n groter solidariteit bestaan, as tussen groepe van ander tale. Taal vestig die individu in 'n bepaalde kultuurgroep. Al wil jy ook, kan jy nie daaruit ontsnap nie. Dit geld vir geen ander kultuurelement nie. Edwards (1976:16) beweer: “A common language is a powerful symbol of group identity”. Emerson (1967:133) maak die volgende stelling:

... those who speak the same language have an immense common bond, which also reaches back to a common store of social memories; those who do not, have a gulf of silence between them which can only be bridged by some third intermediary ...

Prah (1995a:13) skryf in die verband:

A shared and interactive linguistic society invests a sense of identity and belonging to a community and provides a means of cultural communication with the ancestors.

Deprez, 'n professor in Sosio-linguistiek aan die Universiteit van Antwerpen wys daarop dat wanneer een taal ten koste van 'n ander gebruik word, verloor mense hul taal en ook hul identiteit (Beeld 5 Oktober 2000). Dit is belangrik dat elke individu in Suid-Afrika 'n trots ontwikkel op sy eie taal en kultuur. 'n Leser van *The Citizen* (31 January 2001), Brian Rikhotso, skryf:

Where one comes from, what language you use, and the colour of your skin, all matter. ... Unless you think about your roots, you are going nowhere. You never know where you are going if you don't know where you are coming from. Know yourselves, make your culture your carry bag.

Kultuur is nie net die uitdrukking van die individuele mens nie, maar die uitdrukking in volksverband (Van Der Wateren 1979:110). Die oordrag van Europese kulture van Europa na Afrika, het volgens Hobson (Prah 1995b:74) die kulturele identiteit van die inheemse mense verander, en hulle outentieke voorstelling van hulle wêreld en konteks. Die ongelyke oordrag is 'n ænrigtingpad. Hierdie ongelyke oordrag beklemtoon die Europese omskrywings en waardes. Daar bestaan geen of min agting vir 'n begrip van Afrika- omskrywings en waardes wat aan sosiale organisasie, ekonomiese- en politieke sisteme soos byvoorbeeld rykdom, familiestrukture en lewende hawe geheg word nie.

Die rubriekskrywer Leon van den Berg skryf in 'n artikel wat in *Beeld* (5 Mei 2000) verskyn het, dat geen volk werklik vry kan wees, voordat hy ook kultureel en taalkundig vry is nie. Taal gee aan 'n individu identiteit, selfrespek en 'n gevoel van eiewaarde. Iemand wat neersien op sy moedertaal, leef eintlik in vyandskap met homself. J.B.M. Hertzog het op 6 November 1912 in Johannesburg gesê:

Van al de faktore die de vorming van een natie sowel als van het individu raken, is er geen zo belangrijk als de taal. Wie deze veracht, is wat zijn volk betreft, als een mestkoek op een kraalmuur – de eerste regen spoelt ze weg (Claassen, Muller en Van Tonder 1983:302).

Memmi (1958:80) maak die volgende opmerking oor die verwerping van die moedertaal:

The colonized's mother tongue, that which is sustained by his feelings, emotions and dreams, that is in which his tenderness and wonder are expressed, thus that which holds the greatest emotional impact, is precisely the one which is least valued.

Volgens Van Rensburg (1997:60) kan 'n mens jou nie in 'n ander taal so goed uitdruk, as in jou moedertaal nie. Deur middel van jou moedertaal kan jy uitdrukking gee aan jou diepste

emosies. In Suid-Afrika loop die ANC regering se houding om Engels as “neutrale” taal te kies, uit op ‘n benadering wat op kulturele gebied neutraliteit en eendersheid verabsoluteer. Hierdie houding kan ongetwyfeld lei tot die verlies aan taal- en kulturele identiteit by Suid-Afrikaners.

Die totale verlies van ‘n taal deur ‘n groep, beteken ‘n verlies aan individualiteit en nasionaliteit (Sorokin 1962:202). Mosibudi Mangena, adjunk-minister van onderwys, het tydens die *African History Month Celebration* by die Vista Universiteit se Mamelodi Kampus gesê:

The memory of your cultural heritage is in your language, which means that when you lose your language, you also lose your cultural heritage (The Star 1 March 2001).

President Joaquim Chissano van Mosambiek het op 29 November 2000, by die opening van die SADC (Southern African Development Community) se Interministriële Konferensie oor kultuur beklemtoon dat wanneer ‘n taal verlore gaan, ‘n wetenskap, ‘n kultuur en ‘n basis vir ‘n beter toekoms daarmee saam verlore gaan. Mense is meer simpatiek teenoor pogings om die natuurlewe te beskerm wanneer hulle met uitwissing bedreig word, as tale wat in dieselfde posisie verkeer. Talle bewaringspogings is gerig op die fisiese erfenis, soos monumente en museums, terwyl die nie-fisiese erfenis soos tale, tradisionele kennis en mondelinge tradisie wat lewendig is in die geheue van die land se mense, nie genoeg aandag kry nie. Hierdie tipe erfenis is baie broser. Wanneer die ou mense sterf, sterf hierdie erfenis saam met hulle (<http://www.woza.co.za.africa/news/moz30.htm>).

7.7 Kulturele denasionalisering

In Suid-Afrika, soos in die res van Afrika, het kolonialisme ‘n belangrike rol in die kulturele denasionalisering van die sprekers van Afrikatale gespeel. Soos in ander Afrika-lande het ‘n elite groep onder die leiers van die Swart groepe in Suid-Afrika tot stand gekom. As ‘n groep, oorspan die moderne elite tradisioneel etniese- en linguistiese grense. In die vorming van hierdie elite groep, draai hierdie groep voortdurend die rug op hul herkoms. Alhoewel hierdie elite groep dikwels die inheemse tale kan praat, verkies hulle om die amptelike internasionale tale te praat. Hierdie elite afsluiting dien as ‘n sosiale mobiliseringstrategie, waardeur die groep mag handhaaf en voordele verkry deur taalkeuse (Myers-Scotton 1990:25-29). Mangena (The Star 1 March 2001) skryf:

... the sad thing is that the educated African is so proud of his/her deculturalisation that he/she emphasises it and tries hard to put a distance between himself/herself and the uneducated mass.

Romaine (1995:121) maak die volgende stelling:

In many ... newly independent (African) colonies it has been difficult to oust the colonial language ... because it has become the language of indigenous elites, who see it as a way of consolidating their access to the state machinery.

Die voormalige president van Suid-Afrika, Nelson Mandela, het onlangs sterk kritiek uitgespreek teenoor wat hy noem, die “arrogant black elite”. Volgens Mandela, veroorsaak die arrogante houding van hierdie groep onsekerheid onder die minderheidsgroepe (Sunday Times 25 February 2001).

In Suid-Afrika, soos in die res van Afrika, woon die meerderheid van die bevolking in landelike gebiede. Hierdie mense is die draers van die landelike kultuur. Hulle is oor die algemeen onderontwikkeld en arm. Die stedelike elite dwing hul “nuwe” waardes en kulture op die landelike bevolking af, sonder die inagneming van tradisionele kulturele waardes. Dit kan ‘n verandering in die samestelling van gemeenskappe meebring. Die tradisionele sosiale kulture wat gebaseer is op familieverwantskap, kan volgens Webb (1994:184) verander na ‘n klassestelsel tipies aan moderne geïndustrialiseerde nasies. Professor Vilakazi (The Star 3 February 2000) skryf in hierdie verband:

The rejection of major aspects of traditional culture is not because it is incompatible with modern science and technology, but a result of sheer arrogance of power and chauvinism of urban elites. ... The wholesale dismissal of, and desire to destroy, all traditional and tribal cultures is worse than barbarism itself.

In ‘n striemende aanval op die Swart elite, het Mangena (The Star 1 March 2001) gesê dat hierdie elite groep die grootste kulturele verraaiers is. Hulle probeer die Westerse kultuur in alle opsigte naboots en probeer baie hard om weg te hardloop van hul eie kultuur. Die tragedie is egter daarin geleë dat die opgevoede Bantu (Afrikaan) slegs kan strew na die Europese kultuur en mannerismes, maar nooit Europees sal wees nie. Sargent en Williamson (1966:41) maak die volgende stelling:

The individual cannot escape his own cultural pattern ... we continue to be imprisoned in the thought patterns of the culture in which we were socialized.

Hierdie elite groep kan nooit die agente van ontwikkeling in hul eie gemeenskappe wees nie. Hulle sal ook nie daarin slaag om hulle kennis aan die massas oor te dra nie, omdat hulle in ‘n vreemde taal met ander sosiale en kulturele nuanses onderrig is. Die vreemde taal vervreem die elite groep van die res van die gemeenskap (Prah 1995b:53-54). Die gebruik van die Engelse taal, tesame met koloniale styl huise, motors en tot ‘n mindere mate

ontwerpersklere, het vir talle van die Swart elite die simbool van mag en prestige geword (Meyers-Scotton 1990:29). Waters (1994:13) beweer:

... culture must be understood as determined by social relationships which re suffused by materialism and power ... material relationships determine cultural ideas which in turn enter the consciousness of individuals. Ultimately this means that individuals will conform to material forces, even where these forces are exploitative.

Volgens (Epstein 1968:325), is die gebruik van die Engelse taal die uitdrukking van die begeerte om deel te word van die moderne sosiale wêreld. In lande soos die Ivoorkus, wat ook die voormalige koloniale taal (Frans) b6 die inheemse tale verkies het, het 'n situasie egter begin ontstaan waar die bemeestering van die amptelike (koloniale) tale nie langer 'n waarborg is vir sosiale integrasie nie (Djité 1988:220).

7.8 Die invloed van populêre kultuur

Volgens Bullock, Stallybrass en Trombley (1988:66) kan populêre kultuur beskou word as “active processes and practices as well as objects and artefacts”. Dit sluit posbesteldiens katalogusse, motorvoertuig-ontwerp en die ontwerp van ander gebruikersartikels, televisieprogramme, video's, klere, kos, modes en sportwedstryde in. Hannerz (1992:246) skryf: “The media, such as television, allow culture to become globalized by neutralizing space.” Hertzler (1965:494) beweer dat die herhaling en die stereotipe aard van die boodskappe wat deur die massamedia oorgedra word, lei tot die hoogs gestandaardiseerde siening van kultuur. Dit bring ongetwyfeld 'n verlies aan sub-kulturele verskeidenheid en kreatiwiteit mee. Hierdie siening is in ooreenstemming met dié van byvoorbeeld Bronislaw Malinkowski ([1922] 1961:XV):

Ethnology is in the sadly ludicrous, not to say tragic, position, that at the very moment when it begins to put its workshop in order, to forge its proper tools, to start ready for work on its appointed task, the material of its study melts away with hopeless rapidity.

Volgens Alexander (1989:48) is die idee dat elke taal 'n unieke kultuur dra, verouderd. Die ontwikkeling van kommunikasie en die media ondermyn alle idees van aparte- en skeibare kulture. Na my mening is dit nie soseer die geval dat elke taal nie meer 'n unieke kultuur dra nie, maar meer 'n geval van kulturele erosie as gevolg van byvoorbeeld populêre kultuur uit lande soos Amerika. Fishman (1972:70) wys op die invloed wat populêre/massa kultuur op die Amerikaanse samelewing en elders het. Fishman (1972) skryf:

Mass culture has effectively reduced the hold of either behavioural or structural ethnicity, in the United States and elsewhere, as the two come into greater contact. This has usually led to further erosion of ethnically-based language maintenance among those for whom no other basis for language maintenance has existed.

In Suid-Afrika is Engels die dominante kommunikasiemedium vir populêre- of “lae” kultuur. Dit is duidelik dat populêre kultuur sentraal staan in die proses van kulturele hervorming. (Malan en Walker 1995:264-267). Talle van die Amerikaanse sepies wat in Engels uitgesaai word, soos byvoorbeeld *Days of our Lives* en *The Bold and the Beautiful* strek oor alle kultuurgrense heen en geniet groot aanhang onder oud en jonk. Die hoë status wat Engels in Suid-Afrika geniet, tesame met die invloed van populêre kultuur uit Engelssprekende lande, dra ongetwyfeld by tot die erosie van die land se kulturele verskeidenheid. Daar bestaan beslis ‘n groot behoefte aan die ontwikkeling van plaaslike kreatiwiteit, veral in die Afrikatale.

7.9 Veeltaligheid en kultuur

Omdat daar so ‘n noue verband tussen taal en kultuur is, word die stelling gemaak dat die persoon wat tweetalig is, ook bi-kultureel is. Christophersen (1973:24) stel dit soos volg:

It follows from what has been said that a person who has successfully learnt a second language ... will have come to possess not only two languages but also two cultures; he will be bilingual and bicultural.

Talle linguïste verskil van hierdie stelling. Volgens Hoffmann (1991:28) lei tweetaligheid nie noodwendig daartoe dat die spreker twee kulture besit nie. Grosjean (1982) ondersteun hierdie standpunt. Sommige mense wat twee tale op ‘n gereelde basis gebruik, het net een kultuur. In Afrika-lande met ‘n *lingua franca*, het die tweetalige eintlik net een kultuur, naamlik dié van sy etniese groep. ‘n Soortgelyke argument geld vir lande soos Luxemburg of Switserland, waar mense twee- of veeltalig is. Aan die ander kant kan ‘n eentalige persoon bi-kultureel wees. Sommige Franssprekende Bretons of Engelssprekende Skotte argumenteer dat hulle bi-kultureel is. Hulle deel dieselfde houdings, oortuigings en gewoontes van twee oorvleuelende kulture (Grosjean 1982:157).

Soos aangedui, reflekteer taal kultuur op so ‘n wyse dat die ander taal nie kan dien as plaasvervanger nie. Dit lei geen twyfel dat die veeltalige individu dikwels onder groot sosiokulturele- en sielkundige druk geplaas word nie. Die tweetalige moet altyd

sosiokultureel en psigologies georiënteerd wees ten opsigte van twee verskillende wêrelde. Memmi (1958:107) skryf:

Possession of two languages is not merely a matter of having tools, but actually means participation in two physical and cultural realms.

Veeltalige sprekers het nie altyd ooreenstemmende vaardighede in beide kulture nie. Vaardigheid impliseer 'n begrip van en 'n insig in die innerlike- en subtile kenmerke van die kultuur, asook die grammatika, woordeskat en uitspraak om uitdrukking te gee aan die bepaalde kultuur (Hertzler 1965:428).

Wanneer die verskil tussen twee kulture baie groot is, soos byvoorbeeld die Japannese- en die Amerikaanse kulture, is die aanpassing groter, as wat dit die geval sou wees, wanneer twee kulture soortgelyk is, of as daar selfs oorvleueling is (Grosjean 1982:158). Hierdie individu moet van die een kultuur na die ander oorskakel, soos wat hy van een taal na die ander wissel. Hierdie twee tale het dikwels nie dieselfde sosiale status in die gemeenskap nie. Moedertaalsprekers van tale wat nie sosiale- en kulturele status het nie, begin om hul moedertale te vermy. Dit kan lei tot 'n taal- en kultuurverskuiwing (Hertzler 1965:432).

7.10 Samevatting

Taal word deur middel van kultuur oorgedra en is 'n primêre middel vir kulturele interaksie en oordrag. Taal integreer die groei en verwerwing van kultuur. Net so word kultuur deur taal oorgedra. Mense dwarsoor die wêreld praat verskillende tale en het hul eie unieke kulture. Hierdie unieke kultuur gee aan elke individu identiteit. Hierdie "identiteit" is net so belangrik vir individue, as wat dit vir gesinne, gemeenskappe en nasies is. Geen taal is neutraal nie. Al bestaan daar kulturele universele, bevat elke kultuur sy unieke kosbare skatte en wysshede wat bewaar moet word vir die nageslag. Hierdie wysshede moet geïnkorporeer word by nuwe ontwikkelinge in die samelewing. Die herinneringe van 'n kulturele erfenis is aan taal geanker.

In Suid-Afrika bestaan daar 'n groot massa sprekers wat nie in hul moedertale onderrig word nie. Dit plaas ongetwyfeld beperkinge op die leerders se denkprosesse en kreatiewe vermoëns. Leerders wat in skole met 'n ander taal en kultuur as hul eie onderrig word, word tot 'n skisofreniese lewenswyse veroordeel. Die ANC se houding om Engels as "neutrale" taal te kies, loop uit op 'n benadering wat op kulturele gebied neutraliteit en eendersheid verabsoluteer. Hierdie houding kan ongetwyfeld lei tot die verlies aan taal- en kulturele identiteit by Suid-Afrikaners.





